# RIGLYNE VIR 'N PROAKTIEWE BEGELEIDINGSPROGRAM VIR OUERS MET KLEUTERS

**deur**

**Anita M. Grobbelaar**

**PU vir CHO**
**November**
**2003**

# RIGLYNE VIR 'N PROAKTIEWE BEGELEIDINGSPROGRAM VIR OUERS MET KLEUTERS

**ANITA M. GROBBELAAR**

**B. DIAC (Maatskaplike Werk) UNISA**

**Manuskrip voorgelê vir die graad**

**MAGISTER ARTIUM IN MAATSKAPLIKE WERK**

**aan die**

**Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys**

**Studieleier: Me. E.H. Ryke**

**November 2003**

**Potchefstroom**

# BEDANKINGS

My opregte dank en waardering:

- Aan my Hemelse Vader al die dank en eer vir elke dag se krag en sterkte. Sonder Hom is ek tot niks in staat nie.

- Aan my lewensmaat, Jan, vir liefde, geduld en aanmoediging. Jy het hierdie pad vir my makliker gemaak.

- Aan Stefan en Jana, my kinders én kleuters, vir julle opoffering aan speeltyd wat hierdie studie ook in julle lewe meegebring het.

- Aan my studieleier, me. E. Ryke, vir haar bekwame leiding en aanmoediging. Die twee jaar was vir my 'n besonderse leerskool en ek dank u vir u aandeel daarin.

- Aan Willie Cloete vir die taalversorging.

- Aan my vriende en familie vir elkeen se gebede en ondersteuning. Die taak is ligter gemaak met julle liefde.

- Aan elke ouer wat deel was van hierdie studie, dankie vir julle samewerking en opgewondenheid oor die vooruitsig van 'n ouerbegeleidingsprogam!

# OPSOMMING

Sleutelterme: Riglyne, bemagtiging, program, proaktief, voorkoming, ouers, kleuters.

Die oogmerk van hierdie studie was om die kennis- en leerbehoeftes van ouers met kleuters te bepaal ten einde riglyne vir 'n proaktiewe ouerbegeleidingsprogram daar te stel. Die motivering vir die keuse van die onderwerp spruit uit die groot getal ouers in die ondersoeker se privaatpraktyk wat 'n behoefte na kennis en ouerskapsvaardighede het. Hedendaagse ouers word deurentyd gekonfronteer met die besef van die groot verantwoordelikheid wat ouerskap behels. Te midde van 'n inligtings- en tegnologiese era, ervaar ouers steeds leerleemtes in hul rol as ouers.

Intervensienavorsing is onderneem. Die belangrikste resultate van die ondersoek dui op die volgende: die ouers wat aan hierdie ondersoek deelgeneem het, het die behoefte uitgespreek na ouerbegeleiding wat veral twee faktore in ag neem, naamlik dat so 'n program vanuit 'n Christelike perspektief saamgestel is en dat die begeleiding op 'n spesifieke ontwikkelingsfase van die kind gerig is. In dié geval was die ontwikkelingsfase die kleuterfase. Voorts is 'n aantal onderwerpe geïdentifiseer wat dié ouers graag gedek wil sien in so 'n program. Hierdie onderwerpe was: dissipline, ontwikkelingsfase, morele waardes en karakterontwikkeling, emosionele behoeftes van die kleuter, ouers se betrokkenheid by kinderspel, die uniekheid van elke kind, konflikhantering en kommunikasie, ouerskapstyle, kinders en die huwelik en aspekte in die volwassene se wêreld wat die ouer se ouerskap negatief beïnvloed. Hierdie onderwerpe is deur die navorser as riglyne gebruik in die saamstel van 'n prototipe begeleidingsprogram vir ouers met kleuters. Hierdie prototipe is aan 'n loodsondersoek met drie afsonderlike groepe ouers onderwerp. Die riglyne is deurlopend geëvalueer en die nodige aanpassings is gemaak. 'n Finale globale evaluering het getoon dat die program geskik is vir verdere ontwikkeling en toetsing.

## SUMMARY

Key terms: Guidelines, empowerment, programme, proactive, prevention, parents, toddlers.

This study aims to establish the knowledge and learning needs of parents with toddlers in order to formulate guidelines for a pro-active parental support programme. The topic represents a response to the need for information and skills expressed by numerous parents in the researcher's private practice. Contemporary parents continue to be confronted by the significance of the responsibility of parenthood. They also continue to experience learning deficiencies regarding their role as parents in spite of living in an age of information and technology.

Intervention research was undertaken. The principal findings of this investigation were the following: parents participating in this investigation expressed the need for guidance that take into account two specific factors, namely that the program should be based on a Christian perspective and that the guidance should take the specific developmental phase of the child into consideration – the toddler phase in this case. Themes were also identified that these parents would like to see included in such a programme. These were: discipline, developmental phase, moral values and character development, emotional needs of toddlers, parental involvement in children's play, the uniqueness of every child, conflict management and communication, parental style, children and marriage, and aspects in the adult's world with a negative impact upon parental status. These themes were used as guidelines to compile a prototype parental support programme. This program was subjected to a pilot study involving three separate groups of parents. Guidelines were continuously evaluated and adapted where necessary. A final global evaluation confirmed the suitability of the program for further development and testing.

# VOORWOORD

Die artikelformaat is gekies om aan die vereistes vir die graad M.A. (Maatskaplike Werk) te voldoen. Die manuskrip is voorberei volgens die *Social Work Practitioner-Researcher/Maatskaplike Werk Navorser-Praktisyn* se voorskrifte aan outeurs.

***Die Maatskaplikewerk-Navorser-Praktisyn*** is 'n interdissiplinêre tydskrif wat handel oor die metodes en praktyk van hulpverlening aan individue, gesinne, klein groepe, organisasies en gemeenskappe. Die praktyk van professionele hulpverlening dui breedweg op die toepassing van doelgerig ontwerpte ingrypingsprogramme en prosesse op probleme van individuele en samelewingsbelang, insluitende die implementeringe en evaluering van maatskaplike beleid.

Die tydskrif dien as middel vir die publikasie van oorspronklike verslae oor kwantitatief georiënteerde evalueringstudies; verslae oor die ontwikkeling en geldigheid van nuwe takseermetodes vir die praktyk; empiries gebaseerde kritiek op literatuur van waarde vir die praktyk; teoretiese en konseptuele artikels met praktykimpak; kwalitatiewe ondersoek wat die praktyk inlig; en nuwe ontwikkelinge op die gebied van georganiseerde navorsing. Alle empiriese artikels moet voldoen aan aanvaarde standaarde van wetenskaplikheid en aan toepaslike vereistes van geldigheid of geloofwaardigheid, betroubaarheid of toerekenbaarheid en objektiwiteit of bevestigbaarheid voldoen.

Die keuring van artikels vind op 'n blinde-portuurgroepbasis plaas. Outeurs kan verwag om binne drie maande na ontvangs in kennis gestel te word van die besluit van die redaksie. Manuskripte en 'n opsomming moet in drievoud gestuur word aan Die Redakteur, Maatskaplikewerk-Navorser-Praktisyn, Posbus 524, Aucklandpark, 2006. Artikels moet dubbelgespasieerd getik wees, met tabelle en figure op aparte bladsye. Die manuskrip behoort riglyne van die Publication Manual of the American PsychologicalAssociation, 4de uitgawe, te volg. Die finale hersiene manuskrip moet op 'n IBM-versoenbare disket voorsien word in MSWord formaat, of per elektroniese pos gestuur word aan wam@wl.rau.ac.za. Outeurs moet manuskripte nie gelyktydig by ander tydskrifte inhandig nie en ook nie gepubliseerde manuskripte in dieselfde of soortgelyke formaat inhandig nie. Bladgelde is betaalbaar deur outeurs voor publikasie.

# RIGLYNE VIR 'N PROAKTIEWE BEGELEIDINGSPROGRAM VIR OUERS MET KLEUTERS

**A.M. Grobbelaar en E.H. Ryke**
**Skool vir Psigososiale Gedragswetenskappe**
**Potchefstroomse Universiteit vir CHO**
**Potchefstroom 2520**

**Korrespondensie moet geadresseer word aan:**
**Me. E.H. Ryke**
**Skool vir Psigososiale Gedragswetenskappe**
**Vakgroep Maatskaplike Werk**
**PU vir CHO**
**Privaatsak x6001**
**Potchefstroom**
**2520**

E-pos adres: mwkehr@puk.ac.za

# INHOUDSOPGAWE


Bladsy

Bedankings.....i
Opsomming.....ii
Summary.....iii
Voorwoord.....iv

**HOOFSTUK 1: ALGEMENE INLEIDING**

1. Probleemstelling.....1
2. Navorsingsdoelstelling.....3
   2.1 Algemene doelstelling.....3
   2.2 Doelwitte.....3
3. Sentrale teoretiese stelling.....3
4. Metode van ondersoek.....4
   4.1 Literatuurstudie.....4
   4.2 Empiriese ondersoek.....4
      4.2.1 Die ontwerp.....4
      4.2.2 Die deelnemers.....5
      4.2.3 Die meetinstrumente.....5
      4.2.4 Die navorsingsprosedure.....5
      4.2.5 Etiese aspekte.....6
      4.2.6 Data-analise.....6
5. Begripsomskrywing.....7
   5.1 Riglyne.....7
   5.2 Program.....7
   5.3 Pro-aktief.....7
   5.4 Begeleiding.....7
   5.5 Ouer(s).....8
   5.6 Kleuter(s).....8
   5.7 Ouerbegeleidingsprogram.....8
6. Keuse en struktuur van navorsingsverslag.....9

## HOOFSTUK 2: NAVORSINGSONTWERP EN –METODE


1. Inleiding ..... 10
2. Navorsingsontwerp en –metode ..... 10
   2.1 Probleemanalise en projekbeplanning ..... 10
   2.2 Die insameling van inligting en sintese ..... 12
   2.3 Ontwerp ..... 13
   2.4 Vroeë ontwikkeling en loodsondersoek ..... 14
3. Navorsingsmetode ..... 15
   3.1 Literatuurstudie ..... 15
   3.2 Deelnemers ..... 16
   3.3 Data-insameling ..... 18
   3.4 Fisiese opset ..... 21
   3.5 Data-analise ..... 21
4. Vertrouenswaardigheid (geldigheid en betroubaarheid) ..... 22
5. Etiese aspekte ..... 23
6. Samevatting ..... 24


## HOOFSTUK 3: KENNIS- EN LEERBEHOEFTES VAN OUERS MET KLEUTERS


1. Inleiding ..... 25
2. Navorsingsmetode ..... 26
3. Navorsingsresultate ..... 28
   3.1 Dissipline ..... 28
   3.2 Ontwikkelingsfases ..... 29
   3.3 Morele- en karakterontwikkeling ..... 30
   3.4 Emosionele behoeftes van kinders ..... 32
   3.5 Ouers se betrokkenheid by kinderspel ..... 33
   3.6 Ken en verstaan die uniekheid van elke kind ..... 34
   3.7 Konflikhantering en kommunikasie ..... 35
   3.8 Ouerskapstyle ..... 36
   3.9 Kinders en my huwelik ..... 37
   3.10 Aspekte wat individue se ouerskap negatief kan beinvloed ..... 38
4. Bespreking ..... 39
5. Gevolgtrekking ..... 41

6. Aanbevelings........42
7. Bibliografie........43

**HOOFSTUK 4 : PRO-AKTIEWE BEGELEIDING VIR OUERS MET KLEUTERS: PROGRAMRIGLYNE**

1. Inleiding........45
2. Ouers met kleuters se behoefte aan ouerbegeleiding........45
3. Navorsingsmetode........47
4. Ontwerp van 'n konsep pro-aktiewe ouerbegeleidingsprogram vir ouers met kleuters........48
4.1 Doel van die konsepprogram........48
4.2 Uitgangspunte van die konsepprogram........48
4.3 Opsomming van die tema's van die program........49
4.3.1 Die funksie/doel van ouerskap – 'n Bybelse perspektief........49
4.3.2 Struikelblokke in ouerskap – 'n Realiteit........50
4.3.3 Huwelik vs ouerskap? Waar pas die huwelik in?........51
4.3.4 Ouerskapstyle........51
4.3.5 Die kleuter se ontwikkelingstake in sy emosionele en kognitiewe ontwikkeling........52
4.3.6 Elke kind se unieke menswees – Temperamente........53
4.3.7 Die kleuter se emosionele behoeftes........54
4.3.8 Verhouding bou met die kleuter – Speel met jou kind........54
4.3.9 Kommunikasie en konflikhantering........55
4.3.10 Morele- en karakterontwikkeling........56
4.3.11 Dissipline........56
5. Terugvoer uit die loodsondersoek........57
5.1 Algemene terugvoer........57
5.2 Temas van die konsepprogram........58
6. Aanbevelings........61
7. Bibliografie........61

**HOOFSTUK 5: SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS**

1. Hoofstuk 1 – Algemene inleiding........64

1.1 Samevatting....64
1.2 Gevolgtrekking....66
1.3 Aanbeveling....66
2. Hoofstuk 2 – Navorsingsontwerp en – metode....66
2.1 Samevatting....66
2.2 Gevolgtrekking....67
2.3 Aanbevelings....68
3. Hoofstuk 3 – Kennis- en leerbehoeftes van ouers met kleuters....68
3.1 Samevatting....68
3.2 Gevolgtrekking....69
3.3 Aanbeveling....70
4. Hoofstuk 4 – Pro-aktiewe begeleiding van ouers met kleuters: Programriglyne....70
4.1 Samevatting....70
4.2 Gevolgtrekking....71
4.3 Aanbeveling....72
5. Algemene gevolgtrekking en aanbeveling....72
5.1 Gevolgtrekking....72
5.1.1 Doelwitte....72
5.1.2 Sentrale teoretiese stelling....72
5.1.3 Algemene doelstelling....74
5.2 Samevattende aanbevelings....73

**BIBLIOGRAFIE**....74

**BYLAES**
Bylae A....78
Bylae B....79

# HOOFSTUK 1

# ALGEMENE INLEIDING

In hierdie hoofstuk word daar aandag gegee aan die probleemstelling, navorsingsdoelstellings, sentrale teoretiese stelling, metode van ondersoek, begripsomskrywing en die struktuur van die navorsingsverslag.

## 1. PROBLEEMSTELLING

Mellor en Mellor (1999:vii) maak die stelling dat ouers dié belangrikste werk in die wêreld het. Alles wat ouers doen, het 'n invloed op hul kinders en die vorming van hul kinders vir die jare wat volg – deur ouers word die toekoms van die wêreld gevorm. As ouers hulle doel in ouerskap wil bereik, is dit nodig dat hulle hul kinders tot volwassenheid begelei (Kitching, 2000:32). Kitching (2000:15) noem verder dat dit alleen vanuit 'n stewige verhouding tussen ouer en kind bereik kan word. Hierdie stewige verhouding kan gevorm word deur kennis en begrip en opregte liefde vir jou kind.

Ouers het voorts nodig om kennis en begrip vir hulle kinders binne die konstante verandering in die kind se totale menswees te hê (Kitching, 2000:33). Covey (1997:240) maak die stelling: "If we (parents) do not make a sincere effort to understand our children's development and to communicate with them on their level of awareness, we often find ourselves having unreasonable expectations of them and being frustrated when we can't seem to get through."

Inligting oor die kind se algehele ontwikkeling (bio-psigososiale ontwikkeling) stel die ouer in staat om die kind te ken en te begryp. Met hierdie kennis en begrip sal die ouer in staat gestel wees om 'n positiewe verhouding met die kind te vorm. Die ouer sal byvoorbeeld beter verstaan waarom die kind binne 'n bepaalde ouderdom spesifieke gedrag openbaar en sodoende kan die ouer dié gedrag beter hanteer. Campbell (2000:5) beskou die toepassing van kennis om jou kind se gedrag beter te verstaan en daarop te reageer, as 'n proaktiewe benadering. Hierdie benadering word deur Campbell (2000:12) as die mees effektiewe benadering binne die ouer-kind-verhouding beskou, aangesien 'n proaktiewe benadering fokus op kinders se huidige gedrag, teenoor 'n reaktiewe benadering wat fokus op dit wat die kind reeds gedoen het. Die proaktiewe benadering antisipeer gedrag en soek maniere om aan die behoeftes van die kind te voorsien.

Binne die navorser se praktyk as privaat maatskaplike werker, word kontak gemaak met ouers van kleuters wat aandui dat hulle 'n onvermoë ervaar om 'n sinvolle verhouding met hulle kinders aan te knoop, of dat ouers net moedeloos is en hulp soek ten einde hul kinders te verstaan en te hanteer. Dit blyk uit die navorser se praktykervaring dat ouers meestal onkundig is oor hulle kinders se verskillende ontwikkelingsfasette, asook die kind se behoeftes binne sy totale menswees. Hierdie praktykwaarneming word in die literatuur ondersteun. Beide Shapiro (2000:5) en Richardson (2000:12) dui daarop dat dit die gebrek aan kennis en begrip vir die kind in al die fasette van sy menswees is, wat aanleiding gee tot probleme binne die ouer-kind-verhouding. Ouers is wel op hoogte van die fisiese ontwikkelingsmylpale van elke ouderdom, byvoorbeeld dat 'n kleuter al vorms en kleure kan identifiseer en benoem – waarskynlik omdat dit sigbaar is. Die kennis oor die psigososiale ontwikkeling is egter meestal minder bekend aan ouers, waarskynlik omdat dit nie visueel sigbaar is nie en die bewyse of resultate nie so direk of eenvoudig is nie (Covey, 1997:240).

Met die oog daarop om hierdie ouers binne die navorser se praktyk in te lig en te begelei met kennis oor hul kind se besondere ontwikkelingsfase en die gepaardgaande behoeftes van die kind, is ondersoek ingestel na bestaande toeganklike programme. Van hierdie programme is STEP (Systematic training for effective parenting) van Dinkmeyer en McKay (1976), PET (Parent Effectiveness Training) van Gordon (1975) en POSPAR ('n Postitiewe ouerskap program) van Nel, Marais en Simpson (2000). Die STEP-program is al geëvalueer deur onder andere Farren (1991). Die Doeltreffende ouerbegeleidingsprogram of PET is deur Van Rensburg (1992) geëvalueer. Hoewel hierdie programme benuttingswaarde het, spreek dit nie die behoefte aan wat die navorser in haar praktyk geïdentifiseer het nie. Die STEP-program, PET-program en POSPAR is, in teenstelling met die proaktiewe benadering wat Campbell (2000:5) voorstaan, hoofsaaklik reaktief gerig. Dié programme fokus op tegnieke vir die hantering van gesinsdinamika op 'n meer generiese basis en is nie op 'n spesifieke ontwikkelingsfase gerig nie.

Hierdie tipe programme het 'n definitiewe plek en funksie in die bemagtiging van die ouer-kind-verhouding. Ouers het egter ook 'n behoefte om hul kind proaktief te benader. Daar bestaan heelwat literatuur – vakkundig sowel as populêr – met 'n ouerleidingfokus wat onder andere die behoeftes van kinders en verskillende tegnieke vir die hantering van kinders dek. Hierdie bronne is positief, maar nie altyd toeganklik vir ouers nie. Ouers het nie altyd tyd vir lees nie, soms is die literatuur nie verstaanbaar vir die gewone ouer nie, en dis ook nie koste-effektief indien jy vir elke faset en behoefte van jou kind 'n boek moet koop nie.

Ten einde ouers van kleuters te begelei om hulle kinders se gedrag proaktief te hanteer, moet gevra word watter inligting ouers benodig, of waaruit 'n program sal moet bestaan ten einde

ouers se kennisbasis te verbreed sodat hulle 'n stewiger verhouding met hulle kinders kan vorm.

Die navorsingsvrae wat voortvloei uit die probleemstelling, is:

- Wat is die leerbehoeftes van ouers met kleuters?
- Watter riglyne kan aan die maatskaplike werker gebied word ten opsigte van 'n proaktiewe begeleidingsprogram vir ouers met kleuters?

## 2. NAVORSINGSDOELSTELLING

### 2.1 Algemene doelstelling

Die doelstelling van hierdie navorsingstuk is om riglyne daar te stel vir die ontwerp van 'n proaktiewe begeleidingsprogram vir ouers met kleuters.

### 2.2 Doelwitte

Ten einde bogenoemde doelstelling te bereik, sal die volgende doelwitte in die ondersoek nagestreef word, naamlik:

- Om vas te stel watter kennis- en leerbehoeftes ouers met kleuters benodig in hul ouerskap.
- Om riglyne daar te stel vir 'n proaktiewe begeleidingsprogram vir ouers met kleuters.

## 3. SENTRALE TEORETIESE STELLING

Insae in die kennis- en leerbehoeftes van ouers ten opsigte van hul ouerskap van kleuters sal die navorser in staat stel om 'n proaktiewe begeleidingsprogram saam te stel.

## 4. METODE VAN ONDERSOEK

Die navorsing is aan die hand van 'n literatuur- en empiriese ondersoek gedoen. Vervolgens word 'n oorsig van die navorsingsmetode gegee. Dié metode sal in Hoofstuk 2 meer volledig beskryf word.

### 4.1 Literatuurstudie

'n Omvattende literatuurstudie is tydens die ondersoek uitgevoer rakende die volgende:

- Die kennis- en leerbehoeftes van ouers – met die oog op die daarstel van riglyne vir 'n proaktiewe ouerbegeleidingsprogram.
- Bestaande teorieë, programme en literatuur rakende ouerskap en kleuterontwikkeling.

Die volgende databasisse is geraadpleeg: Nexus (RGN), RSAT, Social Work Abstracts en FerdiKat.

### 4.2 Empiriese ondersoek

Die navorsing was verkennend en beskrywend van aard (Fouché, 2002:109) en kan beskou word as toegepaste navorsing aangesien dit gerig is op verkryging van moontlike oplossings vir praktiese probleme met 'n spesifieke intervensiedoel.

#### 4.2.1 Die ontwerp

Intervensienavorsing is onderneem. Intervensienavorsing hou verband met die daarstel van moontlike oplossings vir praktiese probleme in die praktyk (De Vos, 2002:394). Ten einde die navorsing te struktureer, is daar gebruik gemaak van die eerste vier van die ses fases soos uiteengesit deur De Vos (2002:397), naamlik:

Fase 1: Probleemanalise en projekbeplanning

Fase 2: Versameling van inligting, en sintese

Fase 3: Ontwerp

Fase 4: Vroeë ontwikkeling en loodsondersoek

#### 4.2.2 Die deelnemers

Die deelnemers vir hierdie studie kan in vier groepe verdeel word, naamlik informele deelnemers, professionele persone, fokusgroepdeelnemers en 'n loodsondersoekgroep.

- Die informele deelnemers was ouers in die navorser se privaatpraktyk oor 'n tydperk van 1998 tot 2002. Hierdie ouers het behoefte aan 'n ouerbegeleidingsprogram onder die navorser se aandag gebring.
- Onderhoude is gevoer met professionele persone ten einde bevestiging te kry van die behoefte wat by die informele deelnemers geïdentifiseer is.
- Fokusgroepe is saamgestel vir die doel van formele data-insameling. Daar was 'n totaal van drie fokusgroepe en die totale getal deelnemers was 18 ouers.
- In die vierde fase van intervensienavorsing is die programriglyn in 'n loodsondersoek getoets. Drie groepe is saamgestel vanuit 'n plaaslike NG Kerk-gemeente. Hierdie groepe het bestaan uit moeders met kinders in die kleuterfase. Die groep as geheel het bestaan uit 27 moeders.

#### 4.2.3 Die meetinstrumente

Tydens hierdie navorsing is hoofsaaklik gebruik gemaak van kwalitatiewe navorsing met die stel van 'n kernvraag wat deur die fokusgroepe bespreek is (De Vos, 1998:313) en selfsaamgestelde vraelyste in die vierde fase van intervensienavorsing.

#### 4.2.4 Die navorsingsprosedure

- Identifiseer ouers wat aan die insluitingskriteria voldoen.
- Verkry hul toestemming om by die studie betrek te word.
- Ontwikkel die kernvraag vir die fokusgroeponderhoude.
- Stel die kernvraag aan die fokusgroepe.

- Samel inligting in en ontleed dit volgens Tesch se agt-stap-benadering.
- Toets die verwerkte inligting met die fokusgroepe.
- Stel 'n prototipe saam met die byvoeg van programinhoud.
- Voer 'n loodsondersoek uit.
- Ontwikkel die selfopgestelde vraelys ten einde vas te stel of die riglyne, soos vervat in die prototipe, voldoende is.
- Deurlopende literatuurkontrole.
- Verslagskrywing.

#### 4.2.5 Etiese aspekte

Etiese aspekte wat ter sake was, is vertroulikheid en ingeligte toestemming. Hierdie etiese aspekte is hanteer deur die doel van die ondersoek breedvoerig aan die deelnemers te verduidelik en alle inligting wat deur hulle weergegee word, as vertroulik te hanteer (Strydom, 2002:65-68). Die manier van data-insameling (d.m.v. fokusgroepe) asook die aard en werking van fokusgroepe is vooraf aan elke persoon verduidelik. Elke ouerpaar se toestemming vir deelname aan die navorsing is skriftelik bekom.

In die vierde fase van die intervensienavorsing (die toepassing van die loodsondersoek) is aan die deelnemers van die groepe verduidelik dat dit deel uitmaak van 'n navorsingsprojek. Elkeen se toestemming tot deelname is verkry.

#### 4.2.6 Data-analise

Kwalitatiewe inhoude is tematies ontleed aan die hand van Tesch se benadering vir die verwerking van data (Poggenpoel, 1998:343). Hierdie benadering stel agt bruikbare stappe voor om tydens dataverwerking in gedagte te hou.

## 5. BEGRIPSOMSKRYWING

Vir die doeleindes van hierdie studie, word die konseptualisering van die volgende begrippe uiteengesit: riglyne, program, proaktief, begeleiding, ouers, kleuters en ouerbegeleidingsprogram.

### 5.1 Riglyne

Riglyne is "reëls waarvolgens gehandel moet word" (Labuschagne en Eksteen, 1993:708). Riglyne aan die maatskaplike werker word deur middel van navorsing bepaal, kan deur die maatskaplike werker gebruik word in die veld, en kan deur verdere navorsing die beginsels omvat vir 'n moontlike program.

### 5.2 Program

'n Program is volgens die Verklarende en Vertalende Sielkundewoordeboek (1997:294) "'n plan of 'n skedule waarvolgens 'n reeks gebeure hulle gaan afspeel".

'n Program is "die inhoud van wat vertoon, bespreek, behandel sal word. Opsomming, plan, skema van werksaamhede wat gedoen of onderneem moet word" (Labuschagne en Eksteen, 1993:677).

### 5.3 Proaktief

"Proaktief is 'n term wat dui op 'n proses wat die effek van 'n daaropvolgende verwante proses beïnvloed" (Die Verklarende en Vertalende Sielkundewoordeboek, 1997:292).

Die Verklarende Afrikaanse Woordeboek (Labuschagne en Eksteen, 1993:670) omskryf proaktief as "dit wat die moontlike gebeure, gevolge in die toekoms in aanmerking neem by huidige beplanning".

### 5.4 Begeleiding

Begelei(ding) dui op vergesel, saamgaan met, geleide doen (Verklarende Afrikaanse Woordeboek, 1993:64). In die ondersoek verwys dit dus na die feit dat die program leiding gee en dit vind plaas in die vorm van aanbiedings of lesings.

### 5.5 Ouer(s)

Volgens die Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk (1995:48) word die begrip soos volg omskryf: "Vader of moeder van (1) 'n kind gebore uit of gewettig deur 'n huwelik, (2) 'n buite-egtelike kind of (3) 'n aangenome kind."

Soos wat die huwelikstatus 'n spesifieke publieke identiteit aan die individu verleen, verleen ouerskap ook 'n sekere status aan die individu (Louw, 2003:521). Ouers is die versorgers van kinders en moet na hulle fisiese sowel as psigiese behoeftes omsien. Ouers dra dus 'n groot verantwoordelikheid ten opsigte van hulle kinders.

### 5.6 Kleuter(s)

Kleuter dui op 'n kind wat in die kleuterstadium verkeer. Die kleuterstadium is 'n ontwikkelingstadium wat ongeveer van twee- tot sesjarige ouderdom strek (Die Verklarende en Vertalende Sielkundewoordeboek, 1997:180).

### 5.7 Ouerbegeleidingsprogram

In De Vos (1994:9) word ouerbegeleidingsprogram soos volg omskryf: "Die geïndividualiseerde betrokkemaking van ouers en voogde by hulle kinders, deur middel van sistematiese en konseptueel-gebaseerde program met die oog op die aanbied van kennis en inligting, die kweek van 'n kreatiewe ingesteldheid of ouerskapstyl wat pas by die lewensfase waarin die kind verkeer."

Met inagneming van die omskrywings van bogenoemde konsepte kan die titel, "Riglyne vir 'n proaktiewe begeleidingsprogram vir ouers met kleuters", soos volg omskryf word:

Die daarstel van riglyne, waaruit 'n proaktiewe begeleidingsprogram saamgestel kan word vir ouers met kleuters. So 'n begeleidingsprogram sal daarop ingestel wees om aan ouers kennis en inligting te verskaf rondom die praktiese aspekte van ouerskap met inagname van die ontwikkelingsfase waarin die kind verkeer. (Vir die doeleindes van hierdie studie sal dit die kleuterstadium wees.)

## 6. KEUSE EN STRUKTUUR VAN NAVORSINGSVERSLAG

Die artikelformaat is gebruik vir die skryf van die navorsingsverslag. Hoofstukke 3 en 4 is geskryf volgens die vereistes van een van die vaktydskrifte vir maatskaplike werk, getiteld Maatskaplike Werk Navorser-Praktisyn / Social Work Practitioner-Researcher. Vir die spesifieke doeleindes van hierdie navorsingsverslag is egter afgewyk van sommige vereistes, te wete:

- Daar is van numering gebruik gemaak.
- Die navorsingsverslag is in een en 'n halwe spasiëring getik.

Die navorsingsverslag bestaan uit die volgende hoofstukke:

HOOFSTUK 1: Algemene inleiding

HOOFSTUK 2: Navorsingsontwerp en -metode

HOOFSTUK 3: Die kennisbehoeftes van ouers met kleuters

HOOFSTUK 4: Proaktiewe ouerbegeleiding vir ouers met kleuters: programriglyne

HOOFSTUK 5: Gevolgtrekkings en aanbevelings

# HOOFSTUK 2

# NAVORSINGSONTWERP EN -METODE

## 1. INLEIDING

Die navorsingsontwerp en die metode van ondersoek wat benut is tydens die studie, was gegrond op die doel om riglyne vir 'n proaktiewe ouerbegeleidingsprogram vir ouers met kleuters daar te stel. Vir die doeleindes van hierdie hoofstuk word 'n meer volledige beskrywing van die navorsingsontwerp en die metode van ondersoek gegee.

## 2. NAVORSINGSONTWERP EN -METODE

Vir die doeleindes van hierdie studie is gebruik gemaak van intervensienavorsing. Intervensienavorsing is toegepaste navorsing en dus gefokus/gerig op die verkryging van moontlike oplossings vir praktiese probleme, maar met 'n spesifieke intervensiedoel. Intervensienavorsing bestaan uit ses fases (De Vos, 1998:385). Vir die doel van hierdie studie is gebruik gemaak van die eerste vier stappe. Die stappe word vervolgens kortliks bespreek:

### 2.1 Probleemanalise en projekbeplanning

In hierdie fase word aandag gegee aan die identifisering van 'n problematiese menslike omstandigheid. Daar word ook bepaal watter stappe reeds geneem is om die probleem op te los en in hoe 'n mate dit suksesvol was. Hierdie proses is belangrik omdat vasgestel moet word of daar enige meriete bestaan vir verdere toetrede of ontwikkeling. Die fase bestaan uit die volgende stappe:

- <u>Die identifisering en betrek van kliënte</u>. Die populasie waar die bepaalde probleem veral voorkom, word geïdentifiseer en in samewerking met die populasie word bepaalde doelwitte vir intervensie bepaal.

Die navorser het vanuit haar privaatpraktyk se kliëntelading ouers geïdentifiseer wat ouerbegeleiding nodig gehad het. Van hierdie ouers het ook spesifiek gevra vir ouerbegeleiding. Ouerbegeleiding het aanvanklik op 'n individuele afspraakbasis plaasgevind. Namate dit duidelik geword het dat daar baie belangstelling is na die ouerbegeleiding, is daar besluit om spesifiek aandag te gee aan die identifisering van behoeftes vir 'n ouerbegeleidingsprogram vir ouers met kleuters. In gesprekke met ander persone in hulpverleningsprofessies, was dit ook duidelik dat daar 'n behoefte na 'n meer proaktiewe ouerbegeleidingsprogram bestaan. Dit het daartoe aanleiding gegee dat die navorser begin ondersoek instel het na bestaande programme vir ouers.

- Die verkryging van toegang en samewerking. Vir suksesvolle intervensie is dit belangrik dat die samewerking van die populasie wat as teikensisteem geïdentifiseer is, verkry word.

Ouers met kleuters – vanuit die privaatpraktyk, asook professionele persone (4 maatskaplike werkers, 2 sielkundiges, leraar van die plaaslike gemeente se gesinskommissie en 'n kleuterskoolonderwyseres) is genader. Hulle toestemming is verkry vir deelname aan die ondersoek met die oog op insameling van inligting ten einde 'n riglyn vir 'n ouerbegeleidingsprogram vir ouers met kleuters saam te stel.

- Die identifisering van probleme/behoeftes in die gemeenskap. In samewerking met die geïdentifiseerde populasie word bepaalde probleme en behoeftes geïdentifiseer. Die navorser moet in hierdie proses versigtig wees om nie haar eie of eksterne sienings af te dwing nie.

Met die geïdentifiseerde populasie is 3 fokusgroepe saamgestel, in totaal het die fokusgroepe uit 18 ouers bestaan. Die doel van die fokusgroepe was om vas te stel wat ouers as kennis- en leerbehoeftes identifiseer ten opsigte van hul ouerskapsvaardighede, met spesifieke fokus op die kleuter.

- Die analise van die geïdentifiseerde probleme/behoeftes. Nadat die betrokke behoefte of probleem geïdentifiseer is, moet dit geanaliseer word. Dit kan gedoen word deur vrae te stel soos: Vir wie is dit 'n probleem? Wie moet die

probleem oplos?

Die inligting wat deur die fokusgroepe en gesprekke ingesamel is, is ontleed volgens Tesch se agt-stap-benadering (Poggenpoel, 1998:343).

- Die samestelling van doelstellings en doelwitte. Die stap fokus op die samestelling van doelstellings en doelwitte. Dit is nodig om struktuur te verskaf aan die beplanning van die projek en dit stel ook duidelik wat met die intervensie beoog word (De Vos, 1998:386-389).

Na die analise van die probleme/behoeftes, soos deur die fokusgroepe weergegee, is doelwitte en doelstellings saamgestel ten einde die nodige struktuur te verskaf aan die beplanning van die projek.

**2.2 Die insameling van inligting en sintese**

Die tweede fase van intervensienavorsing fokus op die insameling van inligting. Dit moet duplisering uitskakel en bepaal wat ander reeds in die verband gedoen het (De Vos, 1998:390). Die stappe in hierdie fase is die volgende:

- Gebruik bestaande inligtingsbronne. Daar word van databasisse gebruik gemaak vir die afhandeling van 'n literatuurstudie rakende die geïdentifiseerde probleem/behoefte.

In hierdie fase is aandag gegee aan bestaande literatuur. Die volgende databasisse is geraadpleeg: Nexus (RGN), RSAT, Social Work Abstracts en FerdiKat.

- Die bestudering van natuurlike voorbeelde. Dit behels die observasie van hoe die populasie gepoog het om die probleem/behoefte te hanteer. Onderhoude kan byvoorbeeld gevoer word met kliënte of kenners wat insig kan bied op die wyse waarop die probleem hanteer moet word.

Die gevallelading van die navorser se privaatpraktyk was as primêre bron gebruik. Ouers wat geïdentifiseer is, is genader en fokusgroepe is gehou. Onderhoude is ook met ander professionele persone, ervare met ouers en kleuters, gevoer en het ingesluit:

- Ds. Johan De Wet, leraar van Moreletapark NG-gemeente, Pretoria en voorsitter van die Gesinskommissie.
- Me. L Greeff, Opvoedkundige Sielkundige, Privaatpraktyk, Pretoria.
- Me. E Botes, Opvoedkundige Sielkundige, Privaatpraktyk, Pretoria.
- Me. R van der Merwe, Maatskaplike Werker, Privaatpraktyk, Pretoria.
- Me. H van Emmenis, Maatskaplike Werker, CWR, Pretoria.
- Me. A Viljoen, Maatskaplike Werker, Privaatpraktyk, Pretoria.
- Me. E Burden, Maatskaplike Werker, Privaatpraktyk, Pretoria.
- Me. A Horn, Kleuterskoolonderwyseres, Pretoria.

• Identifiseer funksionele elemente van suksesvolle modelle. Nadat inligting ingesamel is, kan die kenmerke van suksesvolle en onsuksesvolle programme geanaliseer word. Potensieel bruikbare intervensie-elemente word so geïdentifiseer (De Vos, 1998:389-392).

Vir die doel van hierdie studie is veral gekyk na drie bestaande ouerbegeleidingsprogramme. Daar is veral gekyk na oorvleueling van inligting, bruikbare inligting en nuwe inligting soos deur fokusgroepe geïdentifiseer. Die volgende drie programme is vir analise geselekteer:

- PET (Doeltreffende ouerskap) – Thomas Gordon (1975).
- POSPAR ('n Positiewe Ouerskap Program) – Nel, Marais en Simpson (2000).
- STEP (Systematic Training for Effective Parenting) – Dinkmeyer en McKay (1976).

**2.3 Ontwerp**

Gedurende die ontwerpfase word 'n uiteensetting gegee van hoe te werk gegaan is om 'n "nuwe maatskaplike tegnologie" te ontwerp. Die ontwerpfase bestaan volgens De Vos (1998:392-394) uit die volgende stappe:

• Die ontwikkeling van 'n observasiesisteem. Wanneer die fokus van verandering geïdentifiseer is, is dit belangrik om byvoorbeeld gedrag wat verander moet word, so te definieer dat dit waargeneem kan word. Dit behels verder ook om 'n wyse te ontwerp waardeur gebeure waargeneem, die omvang van die probleem en die effek van intervensie bepaal kan word. Hierdie stap is belangrik vir die loodsondersoek en is verbonde aan die proses van ontwerp en intervensie. Dit

dien as terugvoersisteem om vorige intervensie te verfyn. So 'n observasiesisteem bestaan uit die volgende drie dele:

- die definiëring van gedrag of produkte in operasionele terme,
- die verskaffing van voorbeelde van gedrag of produkte om die identifisering van dit wat verander moet word, te vergemaklik, en
- die opstel van die wyse waarop verlangde gedrag aangeteken moet word (Rothman & Thomas, 1994:35).

In hierdie fase is aandag gegee aan die ontwerp van riglyne vir 'n ouerbegeleidingsprogram. Na die aanvanklike ontwerp is die programriglyne aan die oorspronklike fokusgroepe voorgehou vir terugvoer. Die programriglyne is aan die hand van die terugvoer verder verfyn.

- Die spesifisering van die prosedure elemente van die intervensie.

  Die prosedure kan bestaan uit onder meer omgewingsveranderingstrategieë of die verandering van 'n bepaalde beleid.

In die geval van hierdie studie is die spesifieke uitgangspunte van die program, asook die temas wat dit moet insluit, vasgestel.

**2.4 Vroeë ontwikkeling en loodsondersoek**

Die vroeë ontwikkeling en die loodsondersoekfase behels die ontwikkeling van 'n prototipe (of voorlopige) intervensie deur die uitvoering van 'n loodsondersoek, en bestaan uit die volgende stappe (De Vos, 1998:395-396):

- Die ontwikkeling van 'n prototipe vir voorlopige intervensie. Hierdie stap behels die ontwikkeling van 'n prototipe. Terugvoer word gebruik om die prototipe te verfyn.

Nadat die fokusgroepe die programriglyne goedgekeur het, is die ontwikkeling van die prototipe voortgesit. 'n Literatuurkontrole is onderneem en programinhoud is tot die programriglyne toegevoeg.

- Die uitvoering van 'n loodsondersoek. Tydens die loodsondersoek word die

effektiwiteit van intervensie bepaal asook waar veranderings aangebring moet word.

Drie groepe vanuit 'n NG-gemeente in Pretoria, is saamgestel. Die konsepouerbegeleidingsprogram is aan die hand van die programriglyne aan hierdie drie groepe aangebied. Die doel daarvan was om vas te stel of die aanvanklik geïdentifiseerde riglyne voldoende voorsien in die kennis- en leerbehoeftes van ouers met kleuters. Die effektiwiteit van die programriglyne is dus getoets.

- Die toepassing van die intervensiekriteria op die voorlopige intervensiekonsep. Hierdie stap behels die vasstelling van kriteria waarteen die intervensie geëvalueer sal word, asook die evaluering self. Indien die resultaat van die evaluering negatief is, is herontwerp aangewese.

Die evaluering wat vir die programriglyne vasgestel is, is in twee stelle vraelyste vervat (Bylae A en B). Na elke aanbieding het elke lid van die groep 'n eenvoudige evaluerings- vraelys (Bylae A) ingevul. Hierdie deurlopende evaluering is gebruik om veranderinge aan te bring soos nodig. Die tweede evaluering is ná voltooiing van die totale program oor 14 sessies gedoen deur middel van 'n tweede evalueringsvorm (Bylae B). Die doel met dié evalueringsvorm was om vas te stel of die riglyne, soos vervat in die programriglyne, in ouers met kleuters se leer- en kennisbehoeftes voorsien. Sodoende kon bepaal word of die konsepprogram herontwerp benodig of geskik is vir verdere ontwikkeling en toetsing.

## 3. NAVORSINGSMETODE

Vervolgens word die verloop van die navorsing toegelig met verwysing na die literatuurstudie, deelnemers, data-insameling, data-analise en fisiese opset.

### 3.1 Literatuurstudie

'n Literatuurstudie is voortdurend gedurende die ondersoek uitgevoer. Daar is tydens die literatuurstudie veral gefokus op die algemene behoeftes van ouers met kinders. Ook is daar gekyk na literatuur met spesifieke verwysing na proaktiewe ouerbegeleiding. Daar is verder gefokus op bestaande ouerbegeleidingsprogramme, naamlik, PET, POSPAR en STEP. Bronne

wat vanuit 'n Christelike perspektief geskryf is, is ook in hierdie studie ingesluit.

Na die voltooiing van die data-analise, is ook 'n literatuurkontrole onderneem om die bevindinge in hierdie ondersoek te bevestig, unieke bevindinge te identifiseer en bevindinge wat nie in hierdie ondersoek na vore gekom het nie, uit te lig.

### 3.2 Deelnemers

Sedert 1998 het die navorser in haar privaatpraktyk te doen met ouers wat probleme en behoeftes rakende hul ouerskap ervaar. Tydens hierdie sessies het dit duidelik geblyk dat ouers ervaar dat hulle nie oor genoeg kennis beskik vir hul taak as ouers nie. Hierdie gesprekke wat die navorsing voorafgegaan het, word as informele deelname beskou en vorm deel van die eerste fase van intervensienavorsing. In die fase van probleemanalise en projekbeplanning word die populasie waar die bepaalde probleem voorkom, geïdentifiseer en hulle samewerking word verkry.

Na aanleiding van die meer informele gesprekke is besluit om 'n formele navorsingstudie te onderneem. Vir die doel van die navorsingstudie, is daar vanuit die praktyk se gevallelading ouers geïdentifiseer wat aan die kriteria vir hierdie studie voldoen.

Vir die doeleindes van hierdie studie was die insluitingskriteria vir deelname soos volg:

- Afrikaanssprekende, middel- tot hoëklasouers,
- Ouers (die moeder of vader of beide ouers) met kinders in die kleuterfase, 2-6 jaar, kinders sonder spesiale behoeftes of persone wat vanuit 'n professionele hoedanigheid by kinders in die kleuterfase betrokke is.

Vanuit hierdie geïdentifiseerde deelnemers is drie fokusgroepe gevorm. Die keuse vir fokusgroepdeelnemers word grootliks bepaal deur die doel van die studie. Die navorser moet vra: "Wat wil ek weet?", "Watter kennis is die belangrikste?", "Wie sou die inligting die beste kan verskaf?", "Vir wie is die inligting bedoel?", "Hoe sal die navorser te werk gaan om hierdie persone op te spoor?" Fokusgroepe word gehou met die doel om spesifieke inligting van 'n duidelik geïdentifiseerde groep individue te bekom (De Vos, 1998:317). Brotherson (1994:110) noem in hierdie verband: "The researcher will make use of the purpose sampling method, whereby information-rich participants with both depth and breadth of experience and who share

commonalities will be identified."

In totaal was daar 18 respondente, waarvan 6 manlik en 12 vroulik was. Vier van die respondente was in die ouderdomsgroep 40-49 en veertien in die groep 30-39. Al die respondente was getroud (eerste huwelike) en daar was vier egpare teenwoordig.

Die vier respondente in die ouderdomsgroep 40-49 se kinders verkeer nie in die kleuterfase nie. Hulle was deel van die fokusgroepe as persone wat met kinders in die kleuterfase werksaam was. Een is 'n speelgroeponderwyseres, een 'n opvoedkundige sielkundige en die ander twee is maatskaplike werkers met privaatpraktyke.

Die veertien respondente in die ouderdomsgroep 30-39 het almal kinders in die kleuterfase en het gemiddeld twee kinders per gesin. Van hierdie veertien respondente is slegs twee nie buitenshuis werksaam nie. Al veertien het nagraadse opleiding voltooi.

Toegang tot genoemde deelnemers is verkry vanuit die navorser se privaatpraktyk, kontak met ander professionele persone wat 'n belang sou hê by die studie, en bestaande ouerleidingsgroepe vanuit die navorser se praktyk. Elke moontlike groepslid soos geïdentifiseer deur die navorser, is persoonlik genader. Die aard en doel van die fokusgroep is verduidelik en die waarde wat die persoon tot die studie kan toevoeg, is uitgelig. Die verloop, tydsduur en metodes is verduidelik sodat daar geen onsekerheid by die potensiële groepslid kon bestaan oor wat van hom/haar verwag sou word nie (De Vos, 1998:318). Elke potensiële groepslid kon dan self besluit of hy/sy op die vasgestelde datum sou opdaag ten einde deel te vorm van die fokusgroep.

In die tweede fase van intervensienavorsing is die bestudering van natuurlike voorbeelde 'n belangrike aspek. Vir dié doel is daar gesprekke met agt professionele persone gevoer soos genoem by punt 2.2.

Vir die uitvoering van die vierde fase van intervensienavorsing, naamlik die vroeë ontwikkeling van 'n prototipe en die uitvoering van 'n loodsondersoek, is daar binne die gemeente in Pretoria, drie groepe saamgestel wat aan die genoemde kriteria voldoen het. Hierdie deelnemers het oor 'n tydperk van 14 weke groepsessies bygewoon. Die konsepprogram is in hierdie tydperk vir dié groepe aangebied. Na afloop van die 14 weke is 'n evaluering gedoen om die effektiwiteit

van die riglyne vas te stel ten einde te bepaal of die programontwikkeling en evaluering kan voortgaan en of herontwerp nodig is.

### 3.3 Data-insameling

Tydens hierdie navorsing is hoofsaaklik gebruik gemaak van kwalitatiewe data-insamelingsmetodes.

Kwalitatiewe data is ingesamel oor 'n tydperk van vier jaar (1998 – 2002). Aanvanklike data-insameling het geskied deur middel van onderhoude met kliënte binne die privaatpraktyk asook met ander professionele persone. Hierdie data is later geverifieer en verryk deur middel van fokusgroepe.

Krueger (1994:34-35) beskryf ses voordele van fokusgroepe, naamlik:

- Dit is 'n sosiaal-georiënteerde navorsingsprosedure. Dit plaas mense in 'n natuurlike, 'regte-lewe'-situasie. Dit vind dus in 'n meer natuurlike omgewing plaas.
- Die formaat van fokusgroeponderhoude stel die fasiliteerder in staat om in meer diepte te ondersoek. Na aanleiding van inligting wat groepslede bied, kan die fasiliteerder verdere vrae stel ten einde die gevoel en dringendheid van die lede vas te stel.
- Fokusgroeponderhoude het 'n hoë sigbare geldigheid. Resultate word nie in moeilike formate en statistieke weergegee nie en is dus makliker vir die populasie om te verstaan.
- Die hou van fokusgroepe is meer koste-effektief.
- Fokusgroepe verskaf vinnige resultate, veral wat betref die insameling van inligting rakende mense se gedrag en hul houding oor 'n bepaalde onderwerp of situasie.
- Fokusgroepe stel die navorser in staat om 'n groter steekproef te doen sonder 'n dramatiese verhoging in koste en tyd.

Vir die doeleindes van hierdie studie was bogenoemde voordele, tesame met die gebruik van die intervensiemodel, beskou as 'n geskikte metode om data in te samel.

Fokusgroepe is 'n beplande gesprek met die doel om persepsies ten opsigte van 'n spesifieke

onderwerp van belang te bekom, in 'n permissiewe, nie-bedreigende groepsgesprek. Krueger (1994:10) verwys na die waarde van fokusgroepe soos volg: "The focus group interview works because it taps into human tendencies. Attitudes and perceptions relating to concepts, products, services or programs are developed in part by interaction with other people."

Fokusgroepgesprekke, as manier om data te bekom, het ten doel die doelbewuste gesprekvoering oor 'n spesifieke onderwerp of onderwerpe wat plaasvind binne groepsverband met individue met 'n soortgelyke agtergrond en gesamentlike belangstelling in die onderwerp (Breakwell, Hammond & Fife-Schaw, 1995:276).

In hierdie studie is daar op die volgende wyse te werk gegaan ten einde data deur fokusgroepe te bekom:

- **Samestelling van fokusgroepe**

Die groepe is saamgestel uit persone wat 'n gesamentlike belang in die onderwerp het, maar wat mekaar nie noodwendig ken nie. Daar was drie groepe. Elke groep het uit 6 groepslede bestaan. Breakwell et al. (1995:280) noem dat fokusgroepe saamgestel kan word uit 6 – 10 groepslede. Die voorwaardes met betrekking tot die grootte van die groep is dat die groep klein genoeg moet wees sodat elkeen geleentheid kan kry om opinies en menings te lig, maar ook groot genoeg om diversiteit rondom 'n onderwerp te verseker.

- **Werkswyse vind plaas in 'n reeks**

Daar is drie verskillende, eenmalige groepe gehou, elke groep bestaan uit nuwe groepslede. Krueger (1994:17) wys daarop dat verskillende groepe nodig is ten einde patrone en neigings waar te neem. Moontlike probleme soos 'n stil groep of 'n groep met 'n dominante groepslid, wat in beide gevalle die weergee van inligting kan belemmer, word so ondervang.

- **Fokusgroepe win kwalitatiewe inligting in**

Ten einde 'n riglyn vir 'n ouerbegeleidingsprogram daar te stel, moes vasgestel word watter kennisbehoeftes ouers het. Die navorser het dit nodig geag om vas te stel wat die respondente se belewenisse, houdings, persepsies en opinies binne hulle eie ervaring van ouerskap was. Sodoende kon vasgestel word wat die tipiese aspekte sou wees wat hulle in 'n proaktiewe ouerbegeleidingsprogram sou wou sien.

Krueger (1994:19) meld in hierdie verband dat fokusgroepe 'n meer natuurlike omgewing skep waarbinne inligting bekom kan word aangesien groepslede mekaar beïnvloed. 'n Dinamiese gesprek kan dus daaruit voortvloei.

- **Gefokusde gesprekvoering**

De Vos (1998:315) noem dat fokusgroepe presies doen wat dit sê: dit fokus. Vir die doel van hierdie studie is gebruik gemaak van 'n enkele kernvraag, naamlik: "As u as ouer die ideale proaktiewe ouerbegeleidingsprogram kon saamstel vir ouers met kleuters van 2-6 jaar, watter onderwerpe of inligting sou u in so 'n program wou sien?"

Die kernvraag is met die aanvang van elke groep eerstens skriftelik aan die fokusgroepe gegee, sodat elke groepslid sy individuele gedagtes, opinies en persepsies kan neerskryf. Vervolgens is 'n gesamentlike gesprek gevoer, wat deur die navorser gefasiliteer is. Die kernvraag is weereens gestel, maar die keer binne groepsverband en die groepslede moes hul inligting aan die groep stel, waarvolgens die navorser dit op 'n blaaibord geskryf het. Vanuit die inligting wat die groepslede genoem het, het gesprekke ontstaan. Die groepslede se emosie, opinies en persepsies het duidelik na vore gekom.

Die rede vir dié werkswyse was tweërlei. Eerstens wou die navorser verhoed dat sekere groepslede as gevolg van redes soos skaamheid en onsekerheid nie 'n bydrae sou lewer nie. Die kernvraag wat elke lid skriftelik ingevul het, is na die sessie opgeneem om te kontroleer of al die inligting wel weergee is in groepsverband. Tweedens is die kernvraag binne die fokusgroep hanteer sodat die navorser die inligting kan klarifiseer, indien nodig. Ook is die emosie en dringendheid agter elke stukkie inligting waarneembaar vir die navorser. Deelnemers in fokusgroepe hoef nie konsensus te bereik oor 'n bespreking nie. Die klem is eerder om so veel as moontlik inligting te bekom oor wat elke deelnemer ervaar of voel oor 'n bepaalde onderwerp (De Vos, 1998:315).

In die vierde fase van intervensienavorsing, naamlik "vroeë ontwikkeling en loodsondersoek", is 'n prototipe saamgestel en getoets. In hierdie fase was data-insameling gemik op uittoetsing en evaluering. Vir die doel hiervan is 3 groepe saamgestel wat oor 'n periode van 14 weke 'n program, gebaseer op die prototipe, deurloop het. Na afloop van elke sessie is 'n eenvoudige evalueringsvorm ingevul. Aan die einde van die 14 weke is 'n volledige evaluering deur die groepslede ingevul ten einde hulle belewenis van die effektiwiteit van die riglyn vas te stel en

hulle aanbevelings ter verbetering van die program te bekom. Hierdie data-insameling was kwalitatief sowel as kwantitatief van aard.

### 3.4 Fisiese opset

Die fokusgroepe het by die kantoor van die navorser se privaatpraktyk plaasgevind. Die lokaal was maklik toeganklik vir meeste van die deelnemers, ruimte was voldoende en die opset was vry van eksterne steurnisse (De Vos, 1998:318).

Die groepe wat gehou was ten einde die vierde fase van intervensienavorsing uit te voer, was by die plaaslike gemeente. Die lokaal was van die nodige hulpmiddels voorsien, was ruim genoeg en toeganklik vir die deelnemers.

### 3.5 Data-analise

Vir die verwerking van die data soos verkry vanuit die fokusgroepe is gebruik gemaak van Tesch se agt-stap-benadering (Poggenpoel, 1998:343). Die navorser het eerstens al die inligting wat op die blaaibord geskryf is (soos verkry van die fokusgroep) neergeskryf. Vervolgens is die vorms deurgelees wat deur groepslede individueel ingevul is. Daar is spesifiek gekyk of alles wat op die vorms is, wel ook op die blaaibord was. Daar was wel inligting wat nie deur groepslede in die fokusgroep deurgegee is nie. Hierdie inligting is ook neergeskryf.

Nadat al die inligting, soos verkry vanuit die fokusgroepe, neergeskryf is, het die navorser dit weer deurgegaan met die vraag "waaroor gaan dit binne die konteks van die studie?". Kerngedagtes is vervolgens neergeskryf. Hierdie kerngedagtes is in kolomme geplaas. Daarna is al die inligting onder die kerngedagtes gegroepeer. Daar is gebruik gemaak van 'n medekodeerder. In die geval van hierdie studie, is die medekodering deur die betrokke studieleier, Me. E Ryke, gedoen. Ná die onafhanklike kodering , is 'n konsensusgesprek gevoer tussen die navorser en die medekodeerder. So is die betroubaarheid van die bevindinge verhoog. Dit stel die navorser in staat om die data-analise verder te verfyn (De Vos, 1998:345).

Vanuit hierdie kategorieë is 'n raamwerk vir 'n konsepouerbegeleidingsprogram saamgestel. Hierdie raamwerk is uitgeskryf en aan die fokusgroepe voorgelê. Die fokusgroepe moes die raamwerk bestudeer en aanbevelings maak. Hulle kon ook vrae vra ter wille van klarifisering.

Terugvoer wat sodoende ontvang is, is gebruik om die raamwerk verder te verfyn.

Daarna is die programriglyne in 'n konsepprogram omskep deur die toevoeging van programinhoud. Hierdie program is aangebied as 'n prototipe aan 3 groepe. Hierdie groepslede het program ná aanbieding geëvalueer en aanbevelings gemaak met die oog op verdere verfyning.

## 4. VERTROUENSWAARDIGHEID (GELDIGHEID EN BETROUBAARHEID)

"The nub of qualitative research – and its claim to validity – lies in the intense involvement between researcher and subject. Because the moderator can challenge and probe for the most truthful responses, supporters claim, qualitative research can yield a more in-depth analysis than that produced by formal quantitative methods" (Mariampolski, soos aangehaal in Krueger, 1994:21).

Lincoln en Guba (1985:290-296) verwys na vier strategieë om betroubaarheid in kwalitatiewe navorsing te bevestig, naamlik:

- <u>Geloofwaardigheid</u>

  Geloofwaardigheid dui op hoe akkuraat die verskynsel geïdentifiseer en beskryf is. In hierdie navorsing is geloofwaardigheid verhoog deurdat die navorser oor 'n tydperk intensief by die ondersoekprobleem betrokke was. Die bevindinge van die ondersoek word gemeet deur middel van 'n literatuurkontrole, monitering deur kundiges en ander fokusgroepdeelnemers en die medekodering van die data.

- <u>Oordraagbaarheid</u>

  In kwalitatiewe navorsing is dit die navorser se verantwoordelikheid om die navorsingsproses wat gevolg is so dig moontlik te beskryf. Die omvattende beskrywing van die navorsingsproses wat in die uitvoering daarvan gevolg is, maak die oordraagbaarheid van die navorsing in ander kontekste moontlik.

- <u>Betroubaarheid</u>

  Betroubaarheid word verseker deurdat die argumentasielyn en -proses logies en

volgbaar is. Deur die digte beskrywing van die navorsingsproses word verseker dat dieselfde resultate verkry sal word indien 'n ander navorser die studie in dieselfde konteks sou herhaal.

- <u>Aanneemlikheid</u>

  Dit is die gebruikmaking van 'n ander persoon of instansie om die data onafhanklik te evalueer. In die geval van hierdie studie is gebruik gemaak van 'n onafhanklike kodeerder om die data te ontleed. Daarna is terugvoer vanuit die fokusgroepe gevra en gesprekvoering met ander professionele persone het plaasgevind ten einde konsensus te bereik.

Bevestiging van resultate soos verkry deur die data-analise, is 'n belangrike element in die versekering van die betroubaarheid en geldigheid van kwalitatiewe navorsing (De Vos, 1998:352).

## 5. ETIESE ASPEKTE

Enige navorser behoort 'n suiwer perspektief te hê ten opsigte van eerlike, openlike en akkurate navorsing. Suiwer etiese riglyne vir navorsing beskerm die kliënt sowel as die maatskaplike werker en gee rigting aan die data wat ingesamel word (Grinnell, 1988:65). Die potensiële emosionele skade wat aan proefpersone aangerig kan word, die tekort aan ingeligte toestemming, misleiding van proefpersone en skending van privaatheid, word as vier areas geïdentifiseer wat met menslike proefpersone en etiese beginsels in verband gebring kan word (Singleton et al., 1988:445-457).

Met inagname van bogenoemde is in hierdie navorsing soos volg gehandel ten einde etiese kwessies in ag te neem:

- Die navorser is daartoe verbind om met 'n suiwer perspektief akkurate navorsing daar te stel.
- Die navorsingsprosedures is so akkuraat moontlik uitgevoer ten einde geldigheid en betroubaarheid van die studie te verseker.
- Respondente is breedvoerig ingelig omtrent die navorsingsproses, wat die doel

daarvan is en wat hulle deelname behels.

- Die manier van data-insameling (deur middel van fokusgroepe) asook die aard en werking van fokusgroepe is vooraf aan elke respondent verduidelik.
- Die fokusgroep-gesprek is professioneel gefasiliteer ten einde te verseker dat elke groepslid geleentheid sou kry om deel te neem en uiting te gee aan sy/haar gevoelens en menings.
- Die resultate is akkuraat en so objektief moontlik gerapporteer.

## 6. SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is aandag gegee aan die navorsingsontwerp en die metode van ondersoek wat benut is ten einde riglyne daar te stel vir 'n ouerbegeleidingsprogram vir ouers met kleuters.

In die hoofstuk is meer volledig verslag gedoen oor die vier fases van intervensienavorsing wat in hierdie studie gevolg is. In die ontwikkeling van 'n nuwe produk of tegnologie is ses fases onderskei in intervensienavorsing. Slegs die eerste vier fases (te wete, probleemanalise en projekbeplanning, die insameling van inligting en sintese, die ontwerp en die vroeë ontwikkeling en loodsondersoek) vorm deel van hierdie studie.

Daar is ook aandag gegee aan die gebruik van fokusgroepe as 'n metode om data in te samel. Die wyse hoe dit geïmplementeer is, is beskryf. Verder in die hoofstuk is die betroubaarheid en geldigheid van die kwalitatiewe studie bespreek, asook die etiese aspekte verbonde aan die studie.

Vervolgens word aandag geskenk aan die analise van ouers se leerbehoeftes rakende kleuters se gedrag en die insameling van data (fase 1 en 2 van die intervensienavorsingsproses). In Hoofstuk 4 word verslag gedoen oor fase 3 en 4, naamlik die ontwerp, vroeë ontwikkeling van en loodsondersoek na die konsepouerbegeleidings- program.

# HOOFSTUK 3

A. Grobbelaar en E.H. Ryke

## KENNIS- EN LEERBEHOEFTES VAN OUERS MET KLEUTERS

**A. Grobbelaar is 'n meestersgraadstudent aan die PU vir CHO en E.H. Ryke 'n dosent aan dieselfde Universiteit.**

*ABSTRACT*

***Knowledge and insight regarding the child and his/her particular developmental phase improve the prospects of a successful parent-child relationship. This is considered to be a proactive approach to parenthood. Proactive parents anticipate behaviour and seek ways and means to satisfy their children's needs in an appropriate manner. Parents are, however, often ignorant or confused regarding their children's behaviour. They may thus express the need for knowledge from a perspective that can be reconciled with their particular view of reality. This article reports on an investigation into the knowledge needs of parents with toddlers. Applied research was undertaken by means of the first four steps of intervention research. Data collection took place through focus group interviews. Data were analysed by means of descriptive analysis as described by Tesch. The principles and topics identified as a result of the analysis are discussed and recommendations are made for the design of a proactive parent guidance programme for parents with toddlers.***

### 1. INLEIDING

Daar bestaan weinig twyfel oor die stelling dat dit moeilik is om 'n kind op te voed. Aangesien niemand volmaak is nie, is dit natuurlik en te verstane dat die ouer (opvoeder) ook foute maak. Daar word gefouteer óf op grond van onverskilligheid óf op grond van onkunde. Die ouer (opvoeder) moet dus deurentyd daarna streef om meer van sy kind en dié se opvoeding te wete te kom, en om 'n beter ouer (opvoeder) te word. Voorkoming is immers beter as genesing (Pretorius & Le Roux, 1998:387).

Die navorser se praktykervaring bevestig die stelling van onkunde as 'n realiteit vir ouers. Menige ouers se refrein is: "as ek maar geweet het", "as ons net 'n handboek gehad het", "hoe moes ek dit alles geweet het?". Richardson (2000:12) som dit op: "We train pilots to fly planes. We train dentists to fill teeth. But who trains parents to raise children?"

'n Verdere behoefte wat meermale deur ouers geopper word, is die behoefte aan 'n ouerbegeleidingsprogram vanuit 'n Christelike perspektief. Die rede daarvoor blyk te wees dat ouerbegeleidingsprogramme wat in die omgang beskikbaar is, nie vanuit hierdie perspektief werk nie en dus deur ouers bevraagteken word óf hulle verwar. In die huidige realiteit van (onder andere) die veranderde godsdiensbeleid in skole, kom Christenouers onder 'n groter besef van hul verantwoordelikheid wat betref die geestelike opvoeding van hulle kinders.

Pretorius en Le Roux (1998:387) maak die stelling dat opvoedingsfoute toegeskryf kan word aan die feit dat die opvoeder ontoereikend rekening hou met die volgende:

- die primêre behoeftes van die kind, en
- die natuurlike psigies-geestelike ontwikkelingsvlak van die kind.

Campbell (2000:5,12) is van mening dat ouers wat voorafkennis en -begrip van die kind en sy stadia van ontwikkeling het, meer in staat is om 'n positiewe verhouding met die kind te vorm. Die toepassing van voorafkennis om jou kind se gedrag te verstaan en daarop te reageer, word as 'n proaktiewe benadering beskou. Proaktiewe ouers antisipeer gedrag en soek maniere om aan die behoeftes van die kind te voldoen.

Die vraag wat ontstaan is dus: watter tipe kennis sal ouers in staat stel om proaktief tot ouerskap te kan toetree? Vir die doeleindes van hierdie artikel word daar gefokus op die navorsingsproses wat gevolg is om die kennisbehoeftes van ouers met kleuters vas te stel.

## 2. NAVORSINGSMETODE

Die doelstelling van hierdie studie was om vas te stel wat die kennisbehoeftes van ouers met kleuters is, ten einde 'n riglyn vir 'n ouerbegeleidingsprogram daar te stel. Ten einde dié doel te bereik, is intervensienavorsing (De Vos,1998:11) onderneem. In hierdie artikel sal daar primêr verslag gedoen word oor die resultate van stap een (probleemanalise en projekbeplanning) en twee (die insameling van inligting en sintese) van die intervensienavorsing.

Tydens die probleemanalise en projekbeplanning is onderhoude gevoer met kliënte binne die navorser se privaatpraktyk, met ander professionele persone (soos die leraar van die plaaslike gemeente) en ook met kollegas (maatskaplike werkers en sielkundiges) binne privaatpraktyk. Hierdie onderhoude het tussen Junie 2002 en November 2002 plaasgevind. Die onderhoude was aanvanklik informeel en ongestruktureerd en het die behoefte aan 'n ouerbegeleidingsprogram bevestig. Latere onderhoude was vir verifiëring van bevindinge tydens die formele ondersoek.

Fokusgroepe (De Vos, 1998:316) is in hierdie studie gebruik vir die formele insameling van data. Die keuse vir deelnemers aan die fokusgroepe is bepaal deur die doel van die studie. Die insluitingskriteria vir deelname was:

- Afrikaanssprekende middel- tot hoëklasouers
- Ouers (die moeder of vader of beide ouers) met kinders in die kleuterfase, 2-6 jaar, kinders sonder spesiale behoeftes of persone wat vanuit 'n professionele hoedanigheid by kinders in die kleuterfase betrokke is.

In totaal was daar 18 deelnemers, waarvan 6 manlik en 12 vroulik was. Vier van die deelnemers was in die ouderdomsgroep 40-49 en veertien in die groep 30-39. Al die respondente was getroud (eerste huwelike) en daar was vier egpare teenwoordig. Die vier respondente wat in die ouderdomsgroep 40-49 geval het, se kinders verkeer nie in die kleuterfase nie. Hulle was deel van die fokusgroep as persone wat met kinders in die kleuterfase werksaam was. Een is 'n speelgroeponderwyseres, een 'n opvoedkundige sielkundige en die ander twee is maatskaplike werkers in privaatpraktyk. Die veertien deelnemers in die ouderdomsgroep 30-39 het almal kinders in die kleuterfase en het gemiddeld twee kinders per gesin. Van hierdie veertien respondente is slegs twee nie buitenshuis werksaam nie. Al veertien het nagraadse opleiding voltooi.

'n Enkele kernvraag is aan die fokusgroepe gestel, naamlik "As u die ideale proaktiewe ouerbegeleidingsprogram kon saamstel vir ouers met kleuters van 2-6 jaar, watter onderwerpe of inligting sou u in so 'n program wou sien?" Die inligting is daarna deur Tesch (De Vos, 1998: 343) se agtstap-benadering verwerk, tesame met 'n medekodeerder wat die inligting geverifieer het.

Ten einde duplisering uit te skakel en te bepaal wat reeds in die verband van ouerleiding gedoen is, is die funksionele elemente van ander ouerbegeleidingsprogramme ondersoek. Drie bestaande ouerbegeleidingsprogramme is vir analise geselekteer, naamlik:

- PET (Doeltreffende ouerskap) – Thomas Gordon (1975).
- POSPAR ('n Positiewe Ouerskap Program) – Nel, Marais en Simpson (2000).
- STEP (Systematic Training for Effective Parenting) – Dinkmeyer en McKay (1976).

## 3. NAVORSINGSRESULTATE

Die resultate van die fokusgroepe word vervolgens bespreek. Hierdie bespreking sluit ook 'n literatuurkontrole in.

### 3.1 DISSIPLINE

Die ouers opper dat dissipline vir hulle as ouers 'n probleem is. "Hoe om sonder skuldgevoelens en vrees my kind te dissiplineer" het in die groep heelwat bespreking ontlok. Ouers bevestig dat hulle nie weet wanneer en hoe (met watter metode) om hul kinders te dissiplineer nie.

Sell (1995:272) meld dat baie ouers worstel met die vraag: "Het ek regtig die reg om outoriteit teenoor my kind te neem?" Baie ouers is vandag bang om dissipline toe te pas, want volgens hulle is dissipline gelyk aan die wys van misnoeë en dat dit die kind se innerlike sal wond en hom/haar verwerp sal laat voel. Dobson (2002:237) wys daarop dat die houding rondom ouerskap oor die afgelope dekades radikaal van die een punt van die kontinuum – oppressie en rigiditeit – na die ander punt van die kontinuum – permissiwiteit – beweeg het. Geeneen van hierdie uiterstes stel die ouers in staat om effektiewe, liefdevolle dissipline toe te pas nie, en beide hierdie houdings kan die kind skaad. Sell (1995:259) maak dit duidelik dat kundiges ook nie eensgesind is oor al die aspekte van dissipline nie, waarvan pakslae waarskynlik die mees kontroversiële aspek is. 'n Verdere aspek waaroor verskille uitgespreek word is die kwessie van "ouerlike gesag". Volgens Sell (1995:264) is gesag 'n feit van die lewe en dit is natuurlik dat ouers hul gesag moet gebruik om hul kinders te onderrig en te dissiplineer.

Thomas Gordon, skrywer van PET (Parent Effectiveness Training) is byvoorbeeld van mening dat ouers hul gesag/mag oor kinders moet opgee. Volgens hom is ouerlike gesag destruktief en hy glo dat elkeen in enige situasie 'n "wenner" kan wees deur gesprekvoering en kompromiebereiking. Hierdie gedagtegang van Gordon is moontlik die ideaal, maar nie altyd realisties nie as in ag geneem word dat die kind in die kleuterfase baie egosentries is en waarskynlik nie so geneë sal wees om 'n kompromie aan te gaan nie. Die perspektief van die navorser rondom ouerlike gesag sluit aan by Sell (1995:264): "while growing up, the child is to be taught to respect parental authority within God's order".

In die STEP-program word daar veral gefokus op ouerskapstyl. Hierdie fokus word verklaar deurdat die ouer se ouerskapstyl sy vorm van dissipline beïnvloed. Hierdie inligting is baie effektief in die bewuswording wat by die ouer plaasvind. Daar word gekyk na die effek daarvan en na moontlike beter alternatiewe. Hierdie aanbieding is teoreties van aard en min praktiese

toepassings word gebied. POSPAR bied heelwat inligting rakende dissipline soos logiese gevolge, uitsit-tyd en positiewe gevolge. Daar word ook in hierdie program negatief verwys na straf. Straf word as 'n negatiewe manier van dissipline getipeer. Hierdie uitsluiting van straf as deel van dissipline kan verwarring en skuldgevoelens by ouers meebring.

Deel van die verwarring wat bestaan rondom die kwessie van dissipline spruit uit 'n wanbalans in een van die vele aspekte van dissipline en/of die verkeerde verstaan van die betekenis van dissipline. Ezzo (1999:103) wys daarop dat die woord "dissipline" dikwels verkeerd verstaan word. Ouers is van mening dat dissipline primêr te doen het met straf. Hierdie misverstand oor die betekenis en doel van dissipline het baie ouers verwar en selfs laat wegbeweeg van dissipline. Dissipline is egter nie 'n aksie wat uitgevoer word gedurende regstelling nie – dit is veel eerder 'n voortdurende verhouding tussen die ouer en kind.

Dit is duidelik dat daar selfs in die teorieë en in populêre literatuur verskille bestaan ten opsigte van dissipline en die ouers se rol in die toepassing van gesag en dissipline. Dit is dan ook geen wonder nie dat ouers onseker is oor wat van hulle verwag word en wat die regte ding is om te doen. Daar moet egter gepoog word om aan ouers 'n breë algemene riglyn te verskaf rakende aspekte van dissipline, die voor- en nadele van verskillende vorme van dissipline, en die gesag van die ouer. Hierdie inligting kan die ouer help om voorspelbaar te wees in sy dissiplineringsrol – aangesien voorspelbaarheid as belangrik vir die kind se volwassewording geag word en dit een aspek is waaroor daar in die literatuur saamgestem word.

### 3.2 ONTWIKKELINGSFASES

Dit het duidelik na vore gekom dat ouers ervaar dat hulle nie genoeg begrip en kennis van hul kinders se verskillende ontwikkelingsfases het nie. Ouers meld dat hulle behoefte het na inligting oor die emosionele en kognitiewe ontwikkeling van die kind, sodat hulle as ouers kan weet wanneer om wat van die kind te verwag. Ook verlang hulle inligting van die verskillende ontwikkelingsfases ten einde bewus te raak van watter gedragspatrone hulle van hul kinders kan verwag en hoe om ook die potensiële probleemgedrag van elke fase te kan identifiseer en hoe om dit dan te hanteer. Ouers maak stellings soos: "Ek wil my kind se ontwikkelingsfases verstaan sodat ek nie te hoë verwagtinge stel nie". Ouers meld dat daar gereeld artikels in populêre tydskrifte verskyn oor die kind en sy ontwikkeling en dat hulle van mening is dat ouers hierdie inligting in 'n program moet hoor ten einde lering op 'n interaktiewe manier kan ontvang. Van die ouers met kleuters meld dat die oorgang van baba (wat afhanklik is en nie kan terugpraat nie) na kleuter (wat alles ontdek en toets) oorweldigend is en dat hulle van mening is dat hulle nie genoeg verstaan van hul kleuter om 'n sinvolle verhouding daar te stel en te versterk nie.

Die tempo van 'n kind se ontwikkeling is die hoogste gedurende die eerste vyf tot ses lewensjare. Benewens hierdie feit word daar ook gemeen dat die beïnvloedbaarheid van die kind se ontwikkeling (positief of negatief) juis gedurende hierdie tydperk die grootste is (De Witt & Booysen, 1994:1). De Witt en Booysen (1994:1-4) beklemtoon dat die ontwikkeling wat by 'n kind plaasvind nooit op eie inisiatief tot volle ontplooiing gebring kan word nie – die kind het altyd die opvoeder se begeleiding nodig. Ouers wat onkundig is rakende ontwikkelingsaspekte van die kind loop die gevaar om te verval in skuldgevoelens en 'n gevoel van mislukking in hul opvoedingstaak (Louw, Van Ede & Louw, 2003:238).

Neuman (1998:40) meld dat elke ouer die een of ander tyd bekommerd raak oor 'n kind se gedrag. Daarom is dit belangrik om te kan identifiseer of 'n bepaalde negatiewe gedrag tipiese gedrag binne 'n bepaalde ontwikkelingsfase is. 'n Begrip van watter gedrag normaal binne 'n bepaalde ontwikkelingsfase is, bied aan die ouers die vermoë om te onderskei tussen ware probleemgedrag en gedrag wat binne normale perke is. Aan die hand van hierdie kennis kan 'n ouer dan sy reaksie en dissiplinering aanpas. Sell (1995:280) is van mening dat die inligting rakende die ontwikkelingsfases van kinders meer toeganklik gemaak moet word vir ouers (byvoorbeeld deur middel van kursusse) aangesien interaksie tussen ouers en kinders gebaseer moet word op begrip vir mekaar. Hy waarsku dat 'n ouer wat oningelig is oor die ontwikkelingsfase waarin sy kind verkeer die kind se gretigheid/lus vir die lewe kan ondermyn met onregverdige hantering.

Met die bestudering van ouerbegeleidingsprogramme soos POSPAR, STEP en PET kom dit na vore dat inligting rakende die ontwikkeling van die kind nie genoegsaam aangeraak word nie. Ontwikkeling word soms in die breë aangeraak, maar gewoonlik sonder enige spesifieke verwysing na byvoorbeeld die kleuterfase. Hierdie gebrek aan teoretiese kennis rakende die ontwikkeling van die kind, asook die gepaardgaande ontwikkelingstake in hierdie programme, kan as 'n leemte beskou word. Ouers is bewus van die kind se verskillende ontwikkelingsfases, maar ervaar dat hulle nie oor genoeg kennis beskik van elke fase of van die hantering van die kind in die betrokke fases nie. In die samestelling van 'n nuwe ouerbegeleidingsprogram sou dit van waarde wees om die program te laat fokus op 'n spesifieke ontwikkelingsfase.

## 3.3 MORELE ONTWIKKELING EN KARAKTERONTWIKKELING

Die deelnemers is van mening dat ouers in die sekulêre wêreld 'n sterk behoefte het na definitiewe inligting rakende hul kinders se morele ontwikkeling. Tydens al drie die fokusgroepe het dit baie sterk na vore gekom dat die ouers wel spesifieke leiding rondom Bybelse morele

waardes in 'n program verlang. "Hoe maak ek my kinders groot met Christelike waardes?", "hoe help ek my kinders in hul verhouding met God?" en "hoe moet ons ons kinders begelei in die aanleer van morele waardes?", is van die vrae wat gevra is tydens die fokusgroepe. Die karakterontwikkeling van die kind is ook deur die deelnemers geopper. Aspekte wat hier na vore kom is: "Hoe leer ek my kind van respek vir ander?", en "hoe lei ek my kind tot selfstandigheid binne ons waardestelsel?". Hierdie vrae fokus op die karakterontwikkeling van die kleuter en hoe om die kennis waaroor 'n ouer beskik – dit wat ek weet ek aan my kind moet oordra – prakties te kan implementeer.

Dit het duidelik na vore gekom dat ouers 'n behoefte het aan 'n ouerbegeleidingsprogram met 'n Christelike, of Bybelse, grondslag. STEP, POSPAR en PET hanteer morele kwessies soos respek vir ander, selfstandigwording en wangedrag, maar nie vanuit 'n godsdienstige perspektief nie. Dit is belangrik dat 'n ouerbegeleidingsprogram praktiese hulp aan ouers sal bied ten opsigte van die kind se geestelike groei in elke ontwikkelingsfase. Ouers moet byvoorbeeld weet wat die kleuter kan verstaan en begryp van die Christelike geloof. Dit sal ouers in staat stel om meer ouderdomsgerig, en dus meer effektief, met hul kinders te handel waar geloof ter sprake is.

Dit is Christenouers se roeping en voorreg om Jesus, "die Lig vir die wêreld", aan hul kinders voor te hou. Dit is gelowige ouers se verantwoordelikheid om hul kinders se geestelike opvoeders te wees. Om 'n kind te leer om Jesus te ken, Hom lief te hê en te dien, vereis toewyding en doelgerigtheid. Elke gelowige ouer kom voor dieselfde vraag te staan: "Hoe doen ons dit?" (Trent, 2003:12).

Om vrede in die gesin te handhaaf en om die gesin as 'n eenheid sterk te laat staan, is nie voldoende doelwitte vir effektiewe ouerskap nie (Sell, 1995:272-273). Ouerskapsdoelwitte moet op die kind gerig wees. Sell (1995:273) noem dat daar drie Bybelse doelwitte is rakende die opvoeding van 'n kind:

- Eerbied vir God. Die doel van kind grootmaak is om liefde vir God by die kind te ontwikkel.
- Respek vir self. Die ouer moet die kind begelei tot psigologiese welstand deurdat die kind kan ervaar dat: "ek is bekwaam en in staat tot sekere dinge", "ek kan beïnvloed wat met my gebeur" en "ek kan 'n sinvolle bydrae lewer en daar is mense wat my nodig het".
- Respek vir ander. Opleiding ten opsigte van waardes gaan in 'n groot mate oor jou verhoudinge met ander.

Sell (1995:273) is van mening dat, indien enige van genoemde drie doelwitte agterweë gelaat word, ouerskap oneffektief en selfs skadelik kan wees. Dit is moontlik om eerbied vir God te hê,

maar geen selfrespek of selfwaarde te besit nie, of dat 'n kind opgelei word tot selfliefde maar geen respek het vir ander nie. Ouers moet gehelp word om die regte balans te handhaaf tussen hierdie drie aspekte.

Ouers kom al meer onder die besef dat die verantwoordelikheid om hul kinders binne die Bybelse waarhede te onderrig, grootliks by die ouers self lê. Die ouers van hierdie ondersoek blyk 'n definitiewe behoefte te hê aan leiding in hierdie verband. Dit sal dus 'n gegewe wees dat die ouerbegeleidingsprogram 'n godsdienstige grondslag sal hê.

## 3.4 EMOSIONELE BEHOEFTES VAN KINDERS

Ouers besef dat kinders sekere behoeftes het waaraan hulle as ouers moet voldoen, en dat dit meer behels as fisiese versorging. Hulle is egter van mening dat hulle nie oor voldoende kennis beskik oor hoe om daaraan te voldoen nie. Ouers verwoord hul behoefte daaraan om 'n liefdevolle en positiewe verhouding met hul kinders daar te stel. Die bekende gesegde "buig die boompie solank hy jonk is" is volgens hierdie ouers 'n realiteit. Hulle besef maar alte goed dat hulle later die wrange vrugte sal pluk indien hulle nou foute maak met die opvoeding van hul kleuters. Ouers noem dat hulle 'n behoefte het aan kennis aangaande hul kind se emosionele behoeftes. Emosionele behoeftes geniet relatief min aandag in die STEP, POSPAR en PET. Daar word wel na onder andere sinvolle kommunikasie, kwaliteit-tyd en positiewe probleemoplossing verwys as noodsaaklike voorvereistes vir sinvolle ouer-kind-verhoudinge. Die omskrywing, uiteensetting en praktiese toepassing van die basiese emosionele behoeftes word egter nie aangeraak nie.

Om gefokus te wees op jou kinders se emosionele behoeftes en dit te vervul dra by tot proaktiewe en effektiewe ouerskap. Sulke ouers fokus op die doel van ouerskap, naamlik om jou kind te lei tot verantwoordelike, gelukkige en suksesvolle volwassenheid. Om hierdie doelwit te bereik, vereis 'n stewige ouer-kind-verhouding. Ouers wat proaktief aan hulle kinders se emosionele behoeftes voorsien, vorm so die basis vir 'n gesonde verhouding (Campbell, 2000:15-17).

Chapman en Campbell (1997:8) skryf dat die fondament van alle ontwikkelingsaspekte van 'n kind die onvoorwaardelike liefde van ouers is. Volgens Chapman en Campbell (1997:17) beskik elke kind oor 'n emosionele "tenk": 'n plek waar emosionele sterktes opgegaar word om die kind te dra deur dae vol uitdagings. Ouers is verantwoordelik om hierdie emosionele tenks te vul sodat kinders in staat sal wees om hul volle potensiaal te bereik. Die onvoorwaardelike

liefde van 'n ouer is die belangrikste element waarmee 'n kind se emosionele tenk gevul moet word. Ouers moet daarom weet wat die mees effektiewe manier is om onvoorwaardelike liefde aan elke kind te kommunikeer.

### 3.5 OUERS SE BETROKKENHEID BY KINDERSPEL

Vrae soos: "wat en hoe moet ons met ons kinders speel?" , "waar moet ek die tyd kry om te speel?" en "is dit regtig nodig om met jou kind te speel?" het baie bespreking by die fokusgroeplede ontlok. Hierdie tipe opmerkings wys op die realiteit dat ouers meer begrip en kennis benodig ten opsigte van die rol van spel in kinderopvoeding en -ontwikkeling.

'n Kind kan nie op sy eie ontwikkel nie. Hy het die ondersteuning en begeleiding van sy ouers nodig. Spel is een manier hoe die ouer sy kind hierin kan help. Die kind kommunikeer deur sy spel, hy gee homself, vergeet homself in sy spel, al spelende gee hy uitdrukking aan hoe hy voel en wat hy dink. Kinderspel bied daarom 'n natuurlike, maar ook 'n unieke ruimte waarbinne die ouer sy kind kan ontmoet. So 'n ontmoeting met die kind op sy vlak dien as voorloper vir kommunikasie. Vir die kind dien dit as bevestiging dat sy ouers vir hom omgee. Die feit dat ouers tyd afstaan aan spel sê vir die kind dat hy belangrik is. Sodoende word 'n vertrouensverhouding gebou (Smith, 1990:7,16).

Dit is belangrik dat ouers sal besef dat die kind die leier en die ouers die medespeler binne spel is. Die ouer moenie die kind probeer reghelp tydens spel nie. Die kind behoort die middelpunt van die spelsituasie te wees en behoort sy eie inisiatief te kan neem sonder dat die ouer hom inhibeer (en dus frustreer). Die ouer kan aktief betrokke raak by die speelproses deur byvoorbeeld die vraag te vra "wat wil jy hê moet ek nou doen?". Dit is van belang dat die ouer na die kind sal luister en aansluit by sy spel. Dit is belangrik dat albei ouers sal tyd maak om met hul kinders te speel. Dit is ook nodig vir ouers om alleentyd met elke kind deur te bring (Potgieter, 2001:21).

Uit die besprekings in die fokusgroepe blyk dit asof ouers oorweldig raak deur hulle realiteite. Die meeste moeders werk en beklee dus verskeie rolle. Ouers voel dikwels dat hulle nie oor tyd en energie beskik nie. Inisiatief is 'n ander aspek wat ter sprake gekom het gedurende die fokusgroepbesprekings. Weens 'n gebrek aan tyd en energie het ouers letterlik nie die vermoë om speletjies uit te dink nie. 'n Proaktiewe ouerbegeleidingsprogram behoort dus praktiese idees aan ouers te bied ten opsigte van die hoe, wat en wanneer van kinderspel. POSPAR bied 'n sinvolle module aan oor kwaliteit-tyd. Hierdie inligting is egter nie spesifiek op die

kleuterfase gerig nie. PET en STEP fokus nie spesifiek op kinderspel nie. Die fokus is meer op kommunikasie en die bou van 'n verhouding tussen die ouer en kind deur middel van doeltreffende kommunikasie en probleemhantering.

### 3.6 KEN EN VERSTAAN DIE UNIEKHEID VAN ELKE KIND

Die ouers het genoem dat hulle meer inligting oor hul kinders se temperamente verlang. Met die bespreking meld ouers dat hulle van mening is dat die kennis rakende hul kinders se verskillende temperamente hulle as ouers in staat stel om elke kind beter te verstaan. Dit het duidelik geblyk dat die meeste ouers al gehoor het van temperamente en bewus is van elke kind as unieke mens. Ouers meld dat hulle 'n behoefte het aan meer direkte inligting en leiding in die hantering van die verskillende temperamente wat in 'n gesin kan voorkom.

Berk (1997:397) omskryf temperament soos volg: "Stable individual differences in quality and intensity of emotional reaction". Fourie (1998:36) gee 'n meer eenvoudige verduideliking: "Hoe ons oor 'n saak voel, wat ons houding oor 'n saak is en hoe ons uiteindelik optree, word ons temperament genoem. Elke afdeling van jou lewe word deur jou temperament bepaal – ook die van die kind." Elke kind het sy eie unieke identiteit en persoonlikheid of geaardheid. Dit is nodig om kennis te dra van jou kind se sterk en swak punte in sy unieke samestelling. Met hierdie kennis kan ouers van metodes en hulpmiddels gebruik maak wat pas by elke kind se unieke samestelling en leerstylbehoeftes (Trent, 2000:109). 'n Kombinasie van goeie ouerskap en die ondersteuning van die kind se temperament, sal die kind help om sy optimale ontwikkeling te bereik (Berk, 1997:404). LaHaye (1997:20) omskryf die belangrikheid van ouers se kennis rakende hul kinders se temperamente soos volg: "To assist in the proper development and training of children, it is very helpful if, during each child's early years, the parents learn his temperament characteristics. The heart and centre of the parent-child relationship is knowing and understanding each child."

Dit is baie duidelik dat temperament baie aandag geniet in die literatuur. Die meeste skrywers is dit eens dat kennis en begrip van jou kind se temperament 'n belangrike aspek van die ouer-kind-verhouding is. Met hierdie kennis kan die ouer dus die kind meer ondersteun en met begrip hanteer. Dit is egter belangrik dat in 'n ouerbegeleidingsprogram daar nie eensydig gekonsentreer word op die verskillende eienskappe van elke soort temperament nie. In die navorser se praktyk het dit telkemale gebeur dat ouers hul kinders se temperamente as 'n verskoning gebruik om wangedrag te regverdig. Dit gebeur ook dat etikettering van kinders plaasvind en dat die kind só van 'n groei- en ontwikkelingsgeleentheid ontneem word. Dit is belangrik dat ouers kennis dra van temperament, maar dit is net so belangrik om te weet dat

niks absoluut is nie. Ouers het steeds 'n verantwoordelikheid om elke kind, ongeag temperament, te help ontwikkel in sy volle menswees.

Temperamente of die uniekheid van elke kind word nie pertinent in POSPAR, PET of STEP hanteer nie. Daar word wel in die besprekings van sommige onderwerpe kortliks verwys na die uniekheid van kinders en dat ouers bewus moet wees daarvan. In ouerskap is dit belangrik dat die ouer elke kind se unieke temperament of styl sal ontdek om so elke kind te help om binne sy unieke styl sy volle potensiaal te ontwikkel. Ouers wat daarna strewe om in 'n betekenisvolle verhouding met hul kinders te staan, moet begrip en kennis hê van hoe hul kind se temperament saamgestel is. Dit is daarom sinvol om ouers omtrent hierdie onderwerp in te lig in 'n ouerbegeleidingsprogam.

### 3.7 KONFLIKHANTERING EN KOMMUNIKASIE

Konflik is 'n realiteit in elke gesin. Konflik word deur die meeste ouers in die fokusgroepe genoem as die een konstante faktor wat feitlik elke dag in hul huise teenwoordig is. Ouers noem dat hulle baie skuldgevoelens het rondom konflik tussen hulle as volwassenes, en dat hulle altyd wonder of hulle voor die kinders konflik mag hê of nie. 'n Verdere kwessie was veral gemik op kleuters se konflik met sibbe in die huis en hoe om dit te hanteer. Ook die vraag: "Hoe vermy ons 'n magstryd tussen ons as ouers, en met ons kleuter?"

Dit blyk uit die fokusgroepbesprekings dat meer energie bestee word aan konflik, probleemoplossing en krisishantering as aan die bou en vestig van positiewe kommunikasie tussen ouer en kind. Die kwessie van tyd en energie kom weer ter sprake tesame met die besef dat ouers nie krag het om geduldig, bemoedigend en positief met hul kinders te kommunikeer nie. Beide POSPAR en PET bied uitstekende inligting rakende aspekte van kommunikasie. Die inligting is volledig en omvattend, veral in PET. Die inligting word egter weereens in die algemeen gebied – dit fokus dus nie spesifiek op die kleuterfase nie. In 'n proaktiewe ouerbegeleidingsprogram sou dit nodig wees om ouers in te lig rondom kommunikasie wat gerig is op die spesifieke fase waarin die kind verkeer.

Konflik kom in alle verhoudings voor – ook in die huwelik. Kinders moet gehelp word om te besef dat konflik óf reg óf verkeerd hanteer kan word. Ouers staan in die aktiewe rol om hul kinders leiding te gee oor konflikhantering (Trent, 2000:371 en 422). Die huweliksverhouding bied 'n uitstekende voorbeeldgeleentheid vir kinders. Die huwelik sluit konflik in omdat 'n huwelik die eenwording van twee individue inhou wat elk unieke gesigspunte, waardes en verskillende verwysingsraamwerke het. Geen twee persone kan altyd oor alles saamstem nie.

In elke huwelik moet daar een of ander tyd konflik voorkom. Konflik is 'n integrale deel van alle noue vriendskappe en elke huwelik. Intimiteit gee aanleiding tot konflik. Hoe meer intiem twee mense word, hoe meer belewe hulle 'n eenheid en word dan meer kwesbaar vir wrywing (Herholdt,1991:111).

Die positiewe betrokkenheid van die ouer by die kind dui op die verwerkliking van intensiewe, positiewe kommunikasie. Die ouer wat positief kommunikeer met die kind, vestig 'n warm, emosionele nabyheid van die ek-jy-verhouding tussen ouer en kind (Pretorius & Le Roux, 1998:65). Kommunikasie is ten diepste daardie verlange na verbindinge en vereniging. Die hele bedoeling van gesinskommunikasie is immers die skep van 'n positiewe atmosfeer wat geborgenheid bied en wedersydse vertroue bevorder.

Daar word baie geskryf oor hoe om te kommunikeer en konflik te hanteer. Dit is wel nodig om ouers te help verstaan hoe om te kommunikeer en hoe om konflik met die kleuter te hanteer. Ouers het wel 'n groot invloed ten opsigte van hulle eie modellering van konflikhantering, maar daar is ook ander fasette rondom konflikhantering wat aan die kleuter oorgedra kan word.

### 3.8 OUERSKAPSTYLE

Ouerskapstyle blyk 'n belangrike onderwerp vir ouers te wees in ouerbegeleiding. Tydens die fokusgroep se bespreking het dit na vore gekom dat kennis oor elke ouer se ouerskapstyl die ouers help om konflik tussen hulle as ouers te verminder aangesien hulle na objektiewe inligting kan verwys as hulle mekaar teregwys. 'n Verdere punt wat geopper is, is dat dit die ouers konfronteer met hul eie tekortkominge en die gevolge daarvan vir hul kinders. Dit stel die ouers in staat om gekonfronteer te wees en dan die keuse te maak om iets daaraan te doen. Die ouers noem ook dat hulle nie die foute wil herhaal wat met hulle gemaak is toe hulle kinders was nie.

Ouers se lewe is 'n belangrike voorbeeld vir hul kinders. Woorde en dade wat ooreenstem, is die enigste ouerskap wat werk. Ouerskap deur voorbeeld vereis egter nie dat ouers volmaak moet wees nie (Trent, 2000:45). Hierdie is 'n belangrike stelling wat ouers van kennis moet neem. Ouers kan maklik skuldig voel en vasgevang raak in hulle strewe na goeie ouerskap indien die ouer van mening is dat hy/sy nie die regte ouerskapstyl volg nie. Ouerskapstyle help ouers om hul tekortkominge in hul ouerskap te identifiseer en hierdie tekortkominge te vervang met konstruktiewe, positiewe eienskappe. Die POSPAR, STEP en PET gee al drie breedvoerig aandag aan ouerskapstyle. Vanuit die fokusgroep blyk dit steeds 'n belangrike onderwerp vir 'n begeleidingsprogram te wees. Die rede daarvoor sou kon wees dat dit nie so eenvoudig is om

gedrag te verander nie – nie eers by 'n ouer wat graag sy gedrag/styl wil verander nie. Verskeie aspekte speel 'n rol daarin, byvoorbeeld die ouer se temperament, ervaring, persoonlikheid en huidige realiteite.

Kinders modelleer op die gedrag van ouers: hulle is van dag tot dag besig om te kyk hoe die ouers teenoor mekaar optree. Die kinders tree dan ook dikwels in hulle verhoudinge met ander – byvoorbeeld teenoor sibbe, maats en selfs teenoor die ouers – op dieselfde manier op as wat hulle waargeneem het by die ouers. Ouers moet daarom daarop fokus om kommunikasie en konflik op so 'n manier te demonstreer dat dit tot voordeel van die kind sal wees in sy verhoudinge met ander (Potgieter, 2001: 21).

### 3.9 KINDERS EN MY HUWELIK

Vrae soos: "Hoe oorleef ons huwelik ons kinders?" en "Wat is die impak van ons huweliksverhouding op ons kinders?" het tydens die fokusgroepbesprekings na vore gekom. Die realiteit, veral in die kleuterfase, dat die huweliksverhouding vir eers tweede viool speel, is deeglik bespreek. Ouers het onder andere die vraag gevra: "Hoe handhaaf ons die balans tussen ouerskap en huwelik?" Die slotsom van hierdie punt was: "Hierdie onderwerp is baie belangrik en behoort aangespreek te word in 'n ouerbegeleidingsprogram".

Die huwelik is die enkele belangrikste faktor wat 'n kind se lewe beïnvloed. Indien die ouers voortdurend in destruktiewe konflik verval, raak dit die kind se diepste sekuriteitsbasis en tree onsekerheid by die kind na vore (Potgieter, 2001:22). Die huwelikslewe as basis van die gesin behoort tans meer as ooit gebou te word op onderlinge liefde en respek tussen man en vrou. Dit is slegs in 'n gesinsmilieu waar 'n stabiele huweliksverhouding aan die orde is dat die kind die geborgenheid beleef om 'n toereikende volwassewording te verwerklik. Die huweliksverhouding van ouers is dié medebepalende faktor vir die verhouding van elke ouer met elke kind, asook vir die onderlinge verhoudinge van kinders in die gesin (Pretorius & Le Roux, 1998:397).

Die grootste algehele invloed wat jy op jou kinders gaan hê, is in die rol van man en vrou, nie as pa en ma nie. Ouers verloor dikwels uit die oog dat wanneer kinders die gesin binnekom, hulle 'n reeds gevestigde sosiale struktuur binnekom. Baie ouers tree op asof die huwelikseenheid slegs 'n voorafgaande verhouding tot nesbou is, in plaas daarvan om dit te sien as 'n voortdurende prioriteitsverhouding regdeur die kinderopvoedingsjare. Dit gebeur dat ouers hul eerste liefde – mekaar – los en omvattend op hul kinders begin fokus. Alhoewel dit alles in die

naam van goeie ouerskap gedoen word, is dit 'n tree in die rigting van verbrokkeling van gesinsverhoudinge (Ezzo, 1999:32).

Dit is belangrik dat ouers gehelp moet word om die balans tussen ouerskap en huwelik te handhaaf. Skrywers is dit eens dat die huwelik 'n belangrike rol speel in die ouer-kind-verhouding sowel as die kind se volwassewording. Dit sou daarom sinvol wees om wel in 'n ouerbegeleidingsprogram tyd af te staan aan kwessies wat die huwelik raak. Die huweliksverhouding as 'n onderwerp in ouerbegeleidingsprogramme word nie hanteer in POSPAR, PET en STEP nie. Die belangrikheid van kommunikasie en konflikhantering binne die huwelik ten opsigte van modellering van gedrag en as voorbeeld vir die kinders word wel genoem. Die insluiting van programinhoud oor die wedersydse belang van kinders en die huwelik in 'n ouerbegeleidingsprogram blyk dus aangewese.

## 3.10 ASPEKTE WAT INDIVIDUE SE OUERSKAP NEGATIEF KAN BEÏNVLOED

Tydens die gesprekke van die fokusgroepe is opmerkings gemaak wat dui op die bewustheid by individue dat daar aspekte in elkeen teenwoordig kan wees wat 'n negatiewe invloed kan hê op hul ouerskap. Hoewel hierdie punte nie genoem is met die beantwoording van die kernvraag nie, het hierdie punte wel deurlopend tydens die bespreking na vore gekom. Die navorser is van mening dat hierdie aspekte wel deel van die ouerbegeleidingsprogram moet wees. Aspekte wat telkens gemeld is, was die kwessie van elkeen se "verlede" en "hoe ek grootgeword het". Ook is daar verskeie kere verwys na "slegte ervaringe van die verlede wat vandag nog 'n invloed het op my". Daar is ook verwys na die realiteit van "geestelike onvolwassenheid" en dat dit 'n aspek is waaraan ouers moet werk.

Daar is 'n regte en verkeerde wyse waarmee ouers eie onvolmaakthede en tekortkomings as mense en as ouers hanteer. Die verkeerde manier is om dit te ontken. Ouers weier eenvoudig om te aanvaar dat hul onvolmaak is en gee voor dat hulle geen tekortkominge het nie (Trent, 2000:45). Ouers wat so redeneer, is meestal ontoeganklik vir leerervarings en nuwe inligting, hulle sien nie hul kinders se behoeftes raak nie en rasionaliseer oor probleme wat ervaar word binne die ouer-kind-verhouding.

Ouerskap kan in 'n nagmerrie ontaard indien die ouer ontevrede is met hoe hy/sy lyk of hoe hy/sy is. Vir 'n ouer om vrede met die self te hê, is dit nodig dat die ouer homself ken, aanvaar en waardeer. Dit is daarom nodig dat ouers hul verlede in die oë kyk, selfkennis inwin, volwassenheid evalueer, ouerskap evalueer en – indien nodig – hulp kry (Kitching, 2000:19).

Aspekte soos die ouers se onverwerkte trauma en hul gesinne van herkoms maak nie deel uit van die ouerbegeleidingsprogramme POSPAR, PET en STEP nie. Die sinvolheid daarvan om hierdie onderwerpe wel deel te maak van 'n proaktiewe ouerbegeleidingsprogram sal geëvalueer moet word.

**4. BESPREKING**

Uit die literatuur, ouers se eie kommentaar in die fokusgroepe, kliënte in die praktyk, en ander professionele persone se menings en ervarings van ouerskap, blyk dit duidelik dat ouerskap kompleks en dinamies is. Louw (1989:94) som ouerskap soos volg op: "Ouerskap is 'n gelaaide term wat baie meer behels as die voortbring van 'n kind... 'n Mens is eintlik ten diepste nie 'n ouer omdat jy biologies of fisiologies gesproke daarin geslaag het om 'n kind te verwek nie. Die geleentheid van ouerskap, en die profilering van hierdie verantwoordelikheid, tree eintlik eers na vore in die kwaliteit van die ouer se begeleiding van die kind tot volwassenheid. Die kernvraag in ouerskap is nie of ek 'n kind in die wêreld kan bring nie...maar of ek 'n kind in hierdie wêreld so kan versorg en begelei dat hy tot 'n volwaardige volwasse mens kan ontwikkel."

Hierdie aanhaling omskryf deel van die motivering wat aanleiding gegee het tot hierdie studie. Ouers het die verantwoordelikheid om hulle kinders binne hierdie wêreld te begelei tot volwaardige volwassenheid. Die vraag is of ouers die regte toerusting of kennis het om hierdie taak suksesvol deur te voer. Vanuit die literatuur kom dit na vore dat ouers wat oor kennis rakende hul kind se ontwikkelingsfase beskik, beter in staat is om die kind te hanteer en 'n positiewe ouer-kind-verhouding daar te stel. Dit kom ook duidelik na vore dat feitlik alle aspekte rakende ouerskap – soos kommunikasie, konflikhantering, ouerskapstyl, dissipline en geestelike ontwikkeling – afhang van die ontwikkelingsfase waarin die kind verkeer. Dit blyk dus dat ouers nodig het om ouderdomstoepaslike ouerbegeleiding te ontvang.

Die ouers wat aan hierdie studie deelgeneem het, was dit eens dat die teoretiese fundering van 'n ouerbegeleidingsprogram 'n religieuse grondslag moet insluit. Dit kom na vore dat die humanistiese vertrekpunte van sommige ander ouerbegeleidingsprogramme, en ook artikels in populêre tydskrifte, nie meer aanvaarbaar is vir hierdie groep ouers nie. Ouers wil krities kyk na inligting en dit nie sonder meer aanvaar nie. Christenouers besef dat hulle 'n al groter verantwoordelikheid het in hul ouerskaprol aangesien die gesin die waardes, houdinge, gesindhede en styl reflekteer van dit waarin geglo word. Daar is bepaalde konflikareas waaroor ouers heelwat vrae gehad het, naamlik die kwessie van gesag en outoriteit van die ouer teenoor

die kind. Ouers het 'n behoefte om die Bybelse waarhede in konteks te verstaan rondom kwessies soos gesag, gehoorsaamheid ensovoorts.

Ouers is bewus van die effek en andersheid van die sogenaamde eerstewêreldgesinne. Louw (1989:13) wys daarop dat die gejaagde lewenspatroon uitwasse soos stres en spanning voortbring. Die samelewing word meer konflikbelaai. Hierdie konflik en spanning word op die gesin oorgedra. Hierdie realiteit, tesame met die feit dat die meeste vroue ook die arbeidsmag betree en dus nie tuis bly by die kinders nie, maak dat die verantwoordelikheid van ouerskap op beide ouers nóg groter is. Dit blyk duidelik uit die fokusgroepgesprekke dat ouers die begeerte het om goeie ouers te wees te midde van hul lewensrealiteite, maar dat hulle gebrek aan energie en tyd dit bemoeilik. In 'n ouerbegeleidingsprogram moet daar dus praktiese riglyn wees vir ouers oor byvoorbeeld hoe, wat en wanneer om met jou kind te speel – nie net die teorie oor die belangrikheid daarvan nie, maar letterlik idees en tegnieke oor hoe om dit te doen.

Meer algemene en bekende onderwerpe soos kommunikasie, konflikhantering, ouerskapstyle en dissipline word ook deur hierdie ondersoekgroep as 'n behoefte beskou. Hierdie onderwerpe word nooit genoeg aangehoor deur ouers nie. Die fokusgroepe bevestig dat hulle nodig het om gereeld hieroor te praat. Wat wel belangrik is, is die beginsel dat dissipline, ouerskapstyle, kommunikasie en konflikhantering van ouers geleidelik moet verander soos wat die kind ouer word. Ouers moet ingelig wees dat daar altyd aanpassings en groei in elke ontwikkelingsfase van die kind is. Die ouer gaan byvoorbeeld nie dieselfde vorm van dissipline handhaaf teenoor die kleuter en die tiener nie. Ouers moet kan aanpas by die ontwikkeling van die kind – nie om die waardes, norme en standaarde van die betrokke gesin te verlaag om die kind te akkommodeer nie, maar om die kind binne elke fase op 'n liefdevolle manier tot by die gesin se gestelde standaard te bring.

In die studie het dit na vore gekom dat ouers besef dat goeie ouerskap by hulle as individue begin. Ouers in die fokusgroepe het daarna verwys dat hulle nodig het om emosioneel volwasse te wees. Dit impliseer dat onverwerkte trauma of gebeure in die ouers se lewens geïdentifiseer en hanteer moet word. Kitching (2000:18) noem dat die ouer homself moet ken en sy verlede in die oë moet kyk. Almal het 'n eie geskiedenis wat nie noodwendig mooi of gelukkig is nie, maar dit is belangrik om daarmee vrede te maak, anders kan dit ons menswees vasvang en ons verhouding met ons kinders op 'n baie subtiele manier beïnvloed. Hoewel die doel van hierdie ouerbegeleidingsprogram nie terapeuties van aard is nie, is die navorser van mening dat die aspek rondom die ouer as mens met 'n geskiedenis aangeraak behoort te word. In die verhouding tussen ouer en kind kan daar baie stimuli wees wat negatiewe herinneringe by die ouer kan oproep. Die risiko bestaan dat hierdie herinneringe oorgedra kan word na die

huidige verhouding. Sulke gebeure kan aan die ouer skuldgevoelens en gevoelens van minderwaardigheid besorg.

Die doel van hierdie studie was nie om die STEP, PET en POSPAR te evalueer nie. Hierdie programme is slegs gebruik om vas te stel of daar ander unieke behoeftes by ouers met kleuters bestaan wat nie deur hierdie programme aangespreek word nie. Daar moet ook in gedagte gehou word dat die STEP en PET al oud is en dat die behoeftes rakende sekere aspekte wat deur hulle aangespreek word reeds verouderd is en dat hulle sekere onderwerpe glad nie aanraak nie. 'n Belangrike verskil wat wel ter sprake is, is die feit dat nie een van genoemde programme 'n definitiewe uitspraak vorm rakende 'n Christelike perspektief as onderbou nie. Hierdie aspek maak dat hierdie konsepprogram 'n definitiewe behoefte (soos geopper tydens die data-insameling) aanspreek deurdat dit 'n Christelike perspektief omskryf. 'n Verdere aspek is die fokus van die konsepprogram op 'n spesifieke ontwikkelingsfase van die kind, naamlik die kleuterfase. Die navorser is van mening dat daar bepaalde inligting is wat uniek gerig is op die kleuterfase, net soos wat daar ook sekere aspekte is wat generies is tot alle fases. Ouers behoort te weet waartoe die kind in sy fase in staat is en hoe om selfs die generiese aspekte ouerdomstoepaslik toe te pas.

Kwessies soos dissipline, karakterontwikkeling, morele en geestelike ontwikkeling, besteding van kwaliteit-tyd, die stel van uitdagings, en die leer van selfstandigheid is 'n paar van die aspekte wat generies voorkom in STEP, PET en POSPAR. Dit is egter 'n leemte dat hierdie aspekte nie binne die bepaalde ontwikkelingsfase van die kind aan die ouers omskryf word nie. Die kind se kognitiewe- en emosionele ontwikkeling speel 'n belangrike rol in elke ontwikkelingsfase. Ouers het nodig om prakties toegerus te wees oor hoe om hul kinders in elke fase te begelei – in elke element van hulle ontwikkeling en binne hulle bepaalde behoefte.

## 5. GEVOLGTREKKING

Alhoewel ons in 'n era van tegnologie en inligting leef, het die ouer steeds 'n behoefte na begeleiding in die taak van ouerskap. Die meeste ouers het die innerlike begeerte om suksesvol te wees in hul ouerskapsrol. Die realiteite van die samelewing en omgewing is net so oorweldigend dat dit vir ouers na 'n onbegonne taak lyk. Ten spyte van verskeie beskikbare ouerbegeleidingsprogramme en literatuur oor die onderwerp van ouerskap, het ouers steeds 'n behoefte aan leiding en kennis. 'n Begeleidingsprogram kan daarop fokus om aan ouers, op 'n sistematiese wyse, kennis en inligting rakende die kind in sy ontwikkelingsfase aan te bied. Die kweek van 'n kreatiewe ingesteldheid of ouerskapstyl wat pas by die lewensfase waarin die kind

verkeer, tesame met die praktiese wenke en idees wat betrekking het op praktiese aspekte van ouerskap, sal deel uitmaak van 'n proaktiewe begeleidingsprogram.

So 'n program moet op 'n proaktiewe manier aan ouers gebied word. Dit impliseer dat ouers hulself toerus met kennis aangaande dit wat vir hulle voorlê in elke spesifieke fase (bv. die kleuterfase) nog voordat hulle 'n wesenlike probleem ervaar het. Hierdie voorafkennis kan die ouer in staat stel om al die aspekte van ouerskap sinvol en kreatief deur te voer.

'n Ouerbegeleidingsprogram wat saamgestel word, moet beskik oor praktiese insette. Hierdie insette moet die ouer bemagtig om dit wat teoreties oorgedra word, in praktyk te kan toepas. Ouers benodig definitiewe advies en hulp rakende die hoe, wat en wanneer.

Dit blyk verder 'n gegewe te wees dat die ouerbegeleidingsprogram vir die deelnemers aan hierdie ondersoek 'n godsdienstige grondslag moet hê. Dié ouers wil kennis ontvang oor dit wat die Bybelse waarhede is asook hoe om binne die huidige wêreldomstandighede hierdie waardes en norme effektief aan hulle kinders oor te dra. Hierdie bevinding dui daarop dat ouerbegeleidingsprogramme nie die kwessie van werklikheidsvisie behoort te ignoreer nie en die perspektief waaruit die program ontwerp is, eksplisiet moet aantoon.

Dit blyk dat, ten spyte van die feit dat ouerbegeleidingsprogramme beskikbaar is, daar steeds ruimte bestaan vir 'n ouerbegeleidingsprogram wat op die behoeftes van 'n bepaalde groep ouers gerig.

## 6. AANBEVELINGS

Die volgende aanbevelings kan gemaak word met die oog op die saamstel van 'n konsepouerbegeleidingsprogram.

- Dat die konsepouerbegeleidingsprogram vanuit 'n Christelike perspektief saamgestel moet word.
- Dat elke aspek wat hanteer word in die konsepouerbegeleidingsprogram spesifiek van toepassing gemaak moet word op die kleuterfase.
- Dat die riglyne, soos verkry vanuit die fokusgroepe, omskep moet word in temas wat vervat word in die saamstel van die konsepouerbegeleidingsprogram.
- Dat die konsepouerbegeleidingsprogram getoets sal word met die oog op verfyning vir 'n finale produk.

- Dat die waarde van 'n ouerbegeleidingsprogram wat fokus op spesifieke ontwikkelingsfases van die kind, verder in ander fases (soos die tienerfase) ook ondersoek moet word.
- Dat die impak en effektiwiteit van 'n proaktiewe ouerbegeleidingsprogram wat fokus op 'n spesifieke ontwikkelingsfase, soos die kleuterfase, verder ondersoek word.
- Dat die konsepouerbegeleidingsprogram ook praktiese toepassing moet insluit en nie slegs uit teoretiese kennis sal bestaan nie.

## 7. BIBLIOGRAFIE


BERK, L.E. (1997). *Child development. 4th ed.* Boston, Mass. : Allyn and Bacon.

CAMPBELL, R. (2000). *Relational Parenting.* Chicago, Ill. : Moody Press.

CHAPMAN, G.D. & CAMPBELL, R. (1997). *The five love languages of children.* Chicago, Ill. : Moody Press.

DE VOS, A.S. (1998). *Research at grass roots: a primer for the caring professions. 2nd ed.* Pretoria : Van Schaik.

DE WITT, M.W. & BOOYSEN, M.I. (1994). *Die klein kind in fokus. 'n Sielkundig-opvoedkundige perspektief.* Pretoria : Acacia.

DINKMEYER, D. & MCKAY, G.D. (1976). *The parent's handbook. STEP: Systematic Training for Effective Parenting.* Circle Pines, Minn. : American Guidance Service.

DOBSON, J. (2002). *Bringing up boys.* Vereeniging : Christian Art Publishers.

EZZO, G. (1999). *Growing kids God's way: biblical ethics for parenting.* Chatsworth, Calif. : Growing Families International.

FOURIE, D. (1998). *Ontgin jou brein.* Pretoria : Van Schaik.

GORDON, T. (1975). PET: *Parent Effectiveness Training.* New York, N.Y. : Plume Books.

HERHOLDT, M. (1991). *Praat met my: 'n werkboek vir gesinne en groepe.* Pretoria : Dibukeng.

KITCHING, A. (2000). *Die 4x4-avontuur van ouerskap.* Kaapstad : Lux Verbi.

LAHAYE, B. (1997). *Understanding your child's temperament.* Eugene, Oregon: Harvest House.

LOUW, D.A., VAN EDE, D.M. & LOUW, A.E. (2003). *Menslike ontwikkeling.* Kaapstad : Kagiso.

LOUW, D.J. (1989). *Gesinsverryking.* Pretoria : Academica.

NEL, L., MARAIS, A. & SIMPSON, N. (2000). *POSPAR: 'n Postitiewe Ouerskap Program.* Matieland : BUVTON.

NEUMAN, M.G. (1998). *Helping your kids cope with divorce the sandcastles way.* New York : Times Books.

POTGIETER, R. (2001). *RP – model in algemene kinderassessering.* Pretoria : RP-Opleidings Instituut.

PRETORIUS, J.W.M. & LE ROUX, J. (1998). *Sosiopedagogiek 2000.* Pretoria : Van Schaik.

RICHARDSON, W.J. (2000). *Loving obedience.* Chicago: Northfield.

SELL, C.M. (1995). *Family ministry.* Grand Rapids, Mich. : Zondervan.

SMITH, R. (1990). *Speel met jou kind.* Kaapstad : Human & Rousseau.

TRENT, J. (2003). *Geestelike groei van kinders.* Vereeniging : Christelike Uitgewers.

# HOOFSTUK 4

A. Grobbelaar en E.H. Ryke

## PROAKTIEWE BEGELEIDING VIR OUERS MET KLEUTERS: PROGRAMRIGLYNE

**A. Grobbelaar is 'n meestersgraadstudent aan die PU vir CHO en E.H. Ryke 'n dosent aan dieselfde Universiteit.**

*ABSTRACT*

***This article provides a modus operandi whereby guidelines for a proactive support programme aimed at parents with toddlers were designed. The design follows an elaborate process through which the knowledge and information needs of parents were determined. Applied research was undertaken by means of the first four steps of intervention research. A variety of topics, which were used to develop guidelines for a proactive parent guidance programme, were identified. The guidelines were formed into a prototype or concept programme and pilot-tested. Through the pilot test it was established that the programme was ready for further development and testing.***

### 1. INLEIDING

In hierdie artikel word 'n uiteensetting gegee van die riglyne vir die ontwerp van 'n proaktiewe begeleidingsprogram vir ouers met kleuters. Dié ontwerp volg op 'n uitgebreide proses waarvolgens die kennisbehoeftes van ouers bepaal is (kyk Hoofstuk 3). Hierdie artikel dek 'n oorsig van ouers se behoefte aan ouerbegeleiding, 'n beskrywing van die navorsingsmetode wat gevolg is, 'n volledige beskrywing en bespreking van die programriglyn asook die resultate van die loodsondersoek. Ten slotte word bepaalde aanbevelings rakende verdere ontwikkeling en toetsing van die program gemaak.

### 2. OUERS MET KLEUTERS SE BEHOEFTE AAN BEGELEIDING

Stevens (1984:237) het bevind dat akkurate en toepaslike verwagtinge by ouers ten opsigte van kindergedrag een van die sleutelfaktore verteenwoordig wat tot die ouer se vermoë bydra om jong kinders goed groot te maak. Daar vind aansienlike ontwikkeling tydens die kleuterjare

plaas en talle nuwe vaardighede word aangeleer (Louw, Van Ede & Louw, 2003:238). Kinders se vermoë om ontwikkelingstake van latere stadia suksesvol te bemeester, berus baie sterk op die sukses waarmee hulle die ontwikkelingstake van die kleuterjare deurloop het. Die kleuter se ontwikkeling word veral beïnvloed deur die gesin (Louw et al., 2003:238). Inligting oor die kind se algehele ontwikkeling (bio-psigososiaal) stel die ouer in staat om die kleuter te ken en te begryp. Hierdie kennis en begrip stel die ouer in staat om 'n positiewe verhouding met die kleuter te vorm. Campbell (2000:5) beskou die toepassing van kennis om jou kind se gedrag vooraf beter te verstaan en daarop te reageer as 'n proaktiewe benadering. Hierdie benadering word deur Campbell (2000:12) as die mees effektiewe benadering binne die ouer-kind-verhouding beskou aangesien die proaktiewe benadering gedrag antisipeer en maniere soek om aan die behoeftes van die kind te voorsien.

Ouerskap is 'n dinamiese proses – daar is selde sprake van stagnasie. Die aandeel van ouers in die verhoudinge met hul kinders word bemoeilik deurdat die opvoedingsverhoudinge en -kommunikasie telkens gewysig en aangepas moet word soos wat die kind die tydperke van suigeling, kleuter, skoolkind, ensovoorts deurgaan. Hierdie veranderde verhoudinge beteken 'n voortdurende verandering van die gesinslewe in geheel. Aan die stuur van al hierdie voortdurende veranderinge staan die ouers! Juis daarom moet ouers beskik oor kennis van (en begrip vir) hulle kinders se konstante verandering wat betref hul totale menswees.

Verskeie ouerbegeleidingsprogramme is beskikbaar. Die meer bekendes sluit in: STEP (Systematic training for effective parenting) van Dinkmeyer en McKay (1976), PET (Parent Effectiveness Training) van Gordon (1975), en POSPAR ('n Positiewe Ouerskap Program) van Nel, Marais en Simpson (2000). Hierdie tipe programme het 'n definitiewe plek en funksie in die bemagtiging van die ouer-kind-verhouding. Hoewel hierdie programme benuttingswaarde het, spreek dit nie die behoefte aan wat die navorser in haar praktyk en navorsing geïdentifiseer het nie. Dié programme fokus op tegnieke vir die hantering van gesinsdinamika op 'n meer generiese basis en is nie op 'n spesifieke ontwikkelingsfase, soos die kleuterfase, gerig nie.

Daar bestaan heelwat literatuur, vakkundig sowel as populêr, met 'n ouerleidingfokus wat onder andere die behoeftes van kinders en verskillende tegnieke vir die hantering van kinders dek. Hierdie bronne is positief, maar nie altyd toeganklik vir ouers nie. Ouers het nie altyd tyd vir lees nie, soms is die literatuur nie verstaanbaar vir die gewone ouer nie, en dis ook nie koste-effektief indien jy vir elke faset en behoefte van jou kind 'n boek moet koop nie.

Uit die probleemanalise het dit duidelik na vore gekom dat ouers te midde van 'n era van tegnologie en inligting steeds 'n behoefte ervaar aan begeleiding in die taak van ouerskap. Dit

was duidelik dat ouers bewus is van die groot verantwoordelikheid wat op hul rus ten opsigte van hul taak as ouers – veral in die kleuterfase. Die volgende behoeftes en uitgangspunte is geïdentifiseer:

- kennis en inligting oor ouerskapstyle, asook die kweek van 'n kreatiewe ingesteldheid oor ouerskapstyl wat pas by die lewensfase waarin die kind verkeer,
- ouers verlang praktiese insette in 'n ouerbegeleidingsprogram,
- die ouerbegeleidingsprogram moet 'n godsdienstige grondslag hê,
- dissipline binne die kleuterfase wat ouderdomstoepaslik is,
- kennis rakende die emosionele behoeftes van kleuters, asook hoe om daaraan te voldoen,
- kennis en praktiese verwysing na die belangrikheid van speel met jou kleuter,
- kennis en praktiese riglyne oor die Christenouer se rol in die morele ontwikkeling en karakterontwikkeling van die kleuter, en
- effektiewe kommunikasie en konflikhantering met die kind in die kleuterfase.

## 3. NAVORSINGSMETODE

Die eerste vier fases van intervensienavorsing is onderneem met die doel om riglyne vir 'n ouerbegeleidingsprogram te bepaal (De Vos, 1998:385). Programbeplanning is voorafgegaan deur 'n behoeftebepaling en -ontleding. Dit is gedoen deur middel van fokusgroepe, 'n literatuurstudie en analise van bestaande ouerbegeleidingsprogramme. Gedurende die ontwerpfase is riglyne vir 'n ouerbegeleidingsprogram saamgestel. Die riglyne het die spesifieke uitgangspunte van die program, asook die verlangde temas beskryf. Dié programriglyne is aan die oorspronklike fokusgroepe voorgehou vir terugvoer. Die programriglyne is aan die hand van die terugvoer verder verfyn. Daarna is 'n literatuurkontrole onderneem en programinhoud tot die programriglyne toegevoeg. Sodoende is 'n konsepprogram saamgestel. Die konsepouerbegeleidingsprogram is daarna getoets deur dit aan drie afsonderlike groepe aan te bied. Die doel daarvan was om die implementeerbaarheid en effektiwiteit van die programriglyne te toets. Na elke groepsessie het die groepslede 'n eenvoudige evalueringsvraelys (kyk Bylae A) ingevul. Hierdie deurlopende evaluering is gebruik om veranderings aan te bring soos nodig. 'n Tweede evaluering is onderneem ná die totale program voltooi is. Dié evalueringsvorm (kyk Bylae B) het gefokus op die effektiwiteit en implementeerbaarheid van die programriglyne. Die doel van die tweede evaluering was om te bepaal of die program herontwerp moes word of geskik sou wees vir verdere ontwikkeling en toetsing.

## 4. ONTWERP VAN 'N KONSEP PROAKTIEWE OUERBEGELEIDINGSPROGRAM AAN OUERS MET KLEUTERS

### 4.1 Doel van die konsepprogram

Die primêre doel van 'n proaktiewe ouerbegeleidingsprogram vir ouers met kleuters is om ouers te bemagtig met kennis en praktiese wenke rakende die kind en die spesifieke ontwikkelingsfase waarin hy hom bevind. Kennis en insig van die kind binne sy ontwikkelingsfase, verbeter ouers se kans op 'n positiewe ouer-kind-verhouding. So 'n benadering word as proaktief beskou. Proaktiewe ouers antisipeer gedrag en soek na maniere om toepaslik in hul kind se behoeftes te voorsien.

Die doel van die ontwikkeling van riglyne vir 'n proaktiewe ouerbegeleidingsprogram vir ouers met kleuters was om vas te stel of hierdie intervensie (konsepprogram) voorsien aan die leer- en kennisbehoeftes van ouers met kleuters, en of dit prakties is. Aan die hand van hierdie bevinding sou dit moontlik wees om te besluit of voortgegaan kan word met programontwikkeling en toetsing en of herontwerp aangewese is.

### 4.2 Uitgangspunte van die konsepprogram

In die ontwerp van die program het die volgende uitgangspunte as parameters gedien:

- Die funksie van hierdie program is nie terapeuties van aard nie. Die fokus is opvoedkundig van aard.
- Die program fokus op kennis- en insigvermeerdering by ouers met kleuters.
- Die program moet deur 'n maatskaplike werker of ander toepaslik gekwalifiseerde professionele persoon aangebied word.
- Ouers met kleuters wat 'n behoefte aan leiding ervaar, maar wat basies adaptief funksioneer, word as geskikte kandidate vir die program beskou.
- Die program moet aan groepe sowel as aan individuele ouerpare aangebied kan word, afhangende van die behoefte en/of praktiese omstandighede.
- In die geval van aanbieding in groepsverband is dit wenslik dat die groepe nie te groot is nie – ten einde optimale deelname te verseker. Daar kan gekyk word na 5-7 ouerpare of dan 10-12 individue in die geval waar die program byvoorbeeld net deur moeders bygewoon word.
- Die program sal hoofsaaklik bestaan uit 'n lesingstyl. Daar sal wel in elke sessie tyd ingeruim word vir bespreking.
- Die program word een sessie per week aangebied.

- Die program word aan die hand van temas aangebied. Die temas volg op mekaar in 'n logiese orde, soos bepaal deur die navorser.
- Die program is saamgestel vanuit 'n Christelike perspektief. Die program se inhoud is egter universeel en kan ook gebruik word deur persone wat nie die Christelike geloof aanhang nie.

### 4.3 Opsomming van die temas van die program

Daar gaan gevolglik gekyk word na die temas van die program. Hierdie temas is gebaseer op die bevindinge van die eerste twee fases van die navorsing (kyk Hoofstuk 3).

#### 4.3.1 Die funksie / doel van ouerskap – 'n Bybelse perspektief

Die doel van hierdie tema is om ouers te laat besin oor die funksie / doel van ouerskap. Verskeie skrywers maak melding daarvan dat ouers hul oog op die toekoms moet hou aangesien ouers besig is om verantwoordelike volwassenes groot te maak. Ouerskap het met meer as net die hede te doen – ouers is besig om hul kinders vir die toekoms voor te berei (Cloud & Townsend, 1998:14; Kitching, 2000:14; Shapiro, 2000:2). Die drie hoofkategorieë waarvolgens Cloud & Townsend (1998:19) die doel van ouerskap indeel, word beskou as 'n goeie samevatting van dit wat van ouerskap verwag kan word. Die drie hooffunksies is:

- **Beskermer**: wetlik verantwoordelik, skep van 'n veilige omgewing, leer kind van reg en verkeerd, veilig en onveilig, dra wysheid oor, bring 'n balans tussen vryheid en beperkinge, bepaal toepaslike grense.
- **Bestuurder**: sorg dat dinge gedoen word, help met doelwitbereiking, leer kind om take te verrig, onderrig, toepassing van gevolge, regstelling, handhaaf orde.
- **Bron**: vir die kind is ouers die bron van alle goeie dinge soos voedsel, skuiling, liefde, geestelike groei, wysheid, ondersteuning en kennis. Ouers begelei kinders ook om later onafhanklik te raak en in staat te wees om self die bron te word.

Vanuit hierdie studie het dit ook na vore gekom dat ouers 'n behoefte het om hul ouerskap binne 'n Christelike raamwerk te volvoer. Ouerskap moet die aanduiding wees van die kwaliteit van mense se liefde vir mekaar wat ten diepste verband hou met die Bybelse liefde wat mense bind. Dit gaan dus om 'n tere liefdesverbintenis wat groter is as blote menslike hartstog (Herholdt, 1991:10). Ouers moet ondersteun word in die besef dat dit ouers se verantwoordelikheid is om hul kinders se geestelike opvoeders te wees. Trent (2003:22) noem dat dit toewyding en doelgerigtheid vereis om 'n kind te leer om Jesus te ken en Hom lief te hê en te dien, maar dat die ouers die beste daartoe in staat is om dit vir die kind te leer. Wanneer

daar dus gekyk word na die funksie / doel van ouerskap vir die doeleindes van hierdie konsepprogram, word dit gedoen met die wete dat die ouer in opdrag van God staan wanneer hy/sy die rol van ouer vertolk.

### 4.3.2 Struikelblokke in ouerskap – 'n realiteit

Ouers in die ondersoekgroep identifiseer veral twee aspekte as moontlike struikelblokke: gesin van herkoms en onverwerkte trauma. 'n Derde struikelblok waarna ook verwys is en wat wel hanteer moet word binne die konteks van 'n Christelike perspektief, is die kwessie van geestelike onvolwassenheid.

Om van tyd tot tyd te delf in die verlede, kan baie lig op die hede werp. Mellor en Mellor (1999:32) noem dat ouers se gesin van herkoms 'n geweldige invloed op die ouer het. Patrone of style word van generasie na generasie oorgedra, hierdie patrone of style kan óf positief óf negatief wees. In die geval van ervaringe in die gesin van herkoms (soos emosionele en/of fisiese verwaarlosing, egskeiding, dood, armoede en verslawing) mag dit nodig wees vir berading of terapie ten einde die pyn of trauma te help hanteer sodat dit nie nogeens oorgedra word na 'n volgende generasie nie.

Die gesin van herkoms of die ouer se verlede het 'n diepgaande invloed op die persoon. In die kinderjare vind die meeste invloed en integrasie van die kind se siening oor homself en ander plaas. 'n Mens se ervaringe in die kinderjare het óf 'n gedeeltelik óf 'n volkome invloed op die individu se huidige funksionering aangesien dit nie maklik is om gewoontevormende gesindhede van die kindertyd te ontgroei nie. 'n Ouer se kinderjare bied aan die ouer sy eerste "programmering" van hoe ouerskap lyk. Daarom is die vraag dan ook: "Wat bring die individu na sy ouerskap toe saam en wat is sy nalatenskap?"

Dit sal vir die ouers nodig wees om gekonfronteer te word met dit wat hulle ervaar het in die verlede, en die invloed daarvan op hulle totale menswees. Die ouer sal in sommige gevalle deur 'n siklus van erkenning, hantering en vergifnis moet gaan. Die ouer moet soms begelei word om die naelstring van die verlede te knip en om 'n nuwe nalatenskap te begin. Aangesien die doel van hierdie program nie terapeuties van aard is nie, word die ouers hoogstens van hierdie aspekte bewus gemaak en dat verwysing na verdere hulp op aanvraag verskaf kan word.

Die PET-program van Gordon (1975) verwys in sy eerste paar hoofstukke na die feit dat ouers nie perfek en volmaak is nie. Dit is belangrik dat hierdie waarheid aan ouers oorgedra word

tydens programbywoning. 'n Program stel die ideaal, maar daar is by elke individu en in die omgewing ook unieke omstandighede. Ouers moet realisties wees – en versigtig om nie vas te val in die geïdentifiseerde tekortkominge en negatiewe aspekte nie.

### 4.3.3 Huwelik vs. Ouerskap? – Waar pas die huwelik in?

Ouers ervaar spanning tussen ouerskap en hul rol in die huwelik en moet gehelp word om hul huwelik steeds as die eerste prioriteit daar te stel. Die handhawing van 'n bevredigende huweliksverhouding bly volgens Louw et al. (2003:575) 'n belangrike taak deur die hele gesinsiklus. Dit is so dat 'n kleuter nuwe eise na vore bring weens die ontwikkelingsfase waarin hy verkeer en hierdie veranderinge en nuwe eise kan lei tot konflik in die huweliksverhouding.

Waar die ouers in liefde en harmonie saamleef, word 'n atmosfeer geskep waarin die kind volgens sy potensiaal kan ontwikkel. Die spanning, wantroue en rusie van huwelikstwis skep 'n versteurde huislike atmosfeer, dit maak die kind beangs en laat hom onveilig en verward voel (Pretorius & Le Roux, 1998:398). Die huwelik is die één faktor in 'n kind se lewe wat aan hom sekuriteit, 'n gevoel van behoort aan, 'n identiteit, hoop, 'n toekomsvisie, 'n rolmodel, liefde en menswaardigheid bied (Potgieter, 2001: 6; Mellor & Mellor,1999:223).

Om steeds tyd te maak vir intimiteit, kommunikasie en kwaliteit-tyd saam as man en vrou, is nodig vir die groei en voortbestaan van die huwelik. Ezzo (1999:29) noem dat daar twee verwante euwels is wat suksesvolle ouerskap bedreig. Die eerste is om die belangrikheid van die man-vrou-verhouding te onderskat en die tweede is om in die strik van kindgesentreerde ouerskap te verval. Beide hierdie aspekte word volledig toegelig in die ouerbegeleidingsprogram, tesame met praktiese gedagtes en metodes oor hoe om hierdie realiteite tot voordeel van ouerskap en die huwelik te laat meewerk.

### 4.3.4 Ouerskapstyle

Dit mag wees dat die konflik wat ontstaan wanneer persoonlikhede en ouerskapstyle in dieselfde huis bots 'n realiteit is. As die een ouer inskiklik en aanpasbaar is en die ander georden en voorspelbaar, kan ongesonde konflik aan die orde van die dag wees, en nie gebalanseerde ouerskap soos wat 'n mens graag sou wou sien nie.

Die opvoedingstyl van die ouer oefen 'n betekenisvolle en kragtige invloed uit op die persoonlikheidsontwikkeling van die kind asook op aspekte soos sosialisering, selfaktualisering, selfkonsepvorming, identiteitverwerwing en behoeftevervulling (Pretorius & Le Roux, 1998:10).

Ezzo (1999:16) is van mening dat ouers wat verskil in hulle ouerskapstyl se verskille oor verloop van tyd groter eerder as kleiner word. Dit gebeur omdat elke ouer dit sy of haar plig ag om in die naam van liefde op te maak vir die ander se swakhede. Ouers moet daarom gehelp word om mekaar aan te vul deur op mekaar se sterk punte te fokus, eerder as om gedurig in 'n staat van oorlog deur swak punte teen mekaar af te speel. In plaas daarvan om te fokus op die verskillende ouerskapstyle se tekorte en / of swak punte, moet daar eerder gefokus word op die sterktes wat elke ouer na ouerskap bring. Sodoende ontwikkel 'n gebalanseerde ouerskapstyl. So 'n styl sal fokus op die rol en funksie van die ouers in die kind se lewe.

'n Verder belangrike element wat bygevoeg moet word, is om 'n balans te bring ten opsigte van die ouer se gesag en outoriteit, soos omskryf vanuit 'n Christelike perspektief. As ouers die begeerte het om hulle kinders met die belofte van God se seën te versorg, moet hulle 'n balans handhaaf tussen hulle gebruik van die Bybel en gesonde verstand. Dit gebeur wanneer die vier waarhede van ouerskap in die Skrif in balans is, naamlik liefde, dissipline, opleiding en voorbeeld. Liefde sonder dissipline bring 'n bedorwe kind voort. Dissipline sonder liefde het 'n ontnugterde kind met 'n gebreekte gees tot gevolg. Om opleiding te verskaf sonder die regte voorbeeld het 'n bitter en wrewelrige kind tot gevolg. Die regte voorbeeld sonder opleiding het weer 'n kind met onsekerhede en verbittering tot gevolg (Ezzo, 1999: 5).

Die STEP en POSPAR ouerbegeleidingsprogramme bied baie sinvolle inligting ten opsigte van ouerskapstyle, byvoorbeeld die bespreking van die positiewe en negatiewe aspekte van elke soort ouerskapstyl. Hierdie inligting is in die ouerbegeleidingsprogram geïnkorporeer.

#### 4.3.5 Die kleuter se ontwikkelingstake in sy emosionele en kognitiewe ontwikkeling

Die mens is 'n veelsydige en komplekse wese, en verskillende aspekte ontwikkel op verskillende wyses, teen verskillende tempo's en op verskillende leeftye. Dit is daarom noodsaaklik om die verskillende terreine van ontwikkeling te bestudeer. Ouers wat kennis dra van die ontwikkelingsmylpale, kan aflei wat hulle min of meer in 'n bepaalde fase van hul kinders kan verwag. Dit help ook dat ouers nie te veel te vroeg van hul kinders verwag nie. Onredelike eise kan veroorsaak dat die kind se natuurlike ontwikkeling geskaad word (De Witt & Booysen, 1994:3). Kennis van die kind se ontwikkeling en die gepaardgaande ontwikkelingstake kan die ouer help om die kind beter te verstaan en dus op 'n meer positiewe manier te hanteer. Dit help die ouer om voorbereid te wees op dit wat wag in die tydperk van 2-6 jaar.

Stevens (1984:237) het in sy navorsing grootliks op die inligtingsbehoeftes van ouers met jong kinders gefokus. Hy het onder andere bevind dat oneffektiewe ouerleiding deur talle navorsers nie alleen aan 'n tekort aan ouerleidingsvaardighede toegeskryf word nie, maar ook aan 'n tekort aan ontwikkelingskennis. 'n Belangrike leerkomponent vir ouers is gevolglik die akkumulasie van 'n goeie kennisbasis oor basiese meganismes wat belangrike ontwikkelingsprosesse onderlê.

As gekyk word na die reaksie van ouers tydens die navorsing, is dit duidelik dat ouers die belangrikheid van kennis rakende hulle kinders se ontwikkelingsfase besef. Die vermoë van 'n ouer om insig te hê in die kind se ontwikkelingsfase stel hom in staat om op 'n meer proaktiewe manier as ouer te funksioneer. Hierdie kennis stel die ouer in staat om homself voor te berei en dus beter beheer in situasies te kan toepas. Kennis en insig rakende die kind se ontwikkelingstake in die kleuterjare stel die ouer in staat om die kleuter konstruktief en effektief te begelei tot optimale bereiking van hierdie take.

### 4.3.6 Elke kind se unieke menswees – temperamente

Ouers wat in hul interaksie met hul kinders daarop fokus om kinders binne hul unieke menswees te hanteer en tyd aan hulle af te staan, laat kinders ervaar dat die ouers hulle verstaan, aanvaar en respekteer vir wie hy/sy is en nie vir wat die ouer graag wil hê die kind moet wees nie. Sulke kinders word groot met 'n gesonde selfwaarde en 'n groter toleransie vir ander mense (Boyd, 1994:20). Ouers met begrip vir hulle kinders se temperamente beskik oor 'n beter begrip van interpersoonlike kommunikasie. Kennis hiervan beteken onder andere dat 'n mens beter met ander mense oor die weg kom, omdat dit nou moontlik is om te voorspel watter omstandighede in konflik ontaard, hoe dit vermy kan word, en ook hoe dit hanteer moet word sodat die ervaring opbouend is nie afbrekend nie (Fourie, 1998:48).

Die fokus van die toeligting van 'n kind se temperament is om die ouers bewus te maak van die kind se positiewe sowel as sy negatiewe eienskappe. Ouers word gevolglik daartoe gelei om die kind se positiewe eienskappe te versterk en die negatiewe eienskappe in balans te bring ten einde die kind te help om optimaal te funksioneer. Kennis van die kleuter se temperament sal die ouers ook help in die bou en versterking van die ouer-kind-verhouding. Hierdie kennis stel die ouer in staat om die invloed van verskillende temperamente op die ontwikkeling van gesinsverhoudinge te bestuur en aan te pas.

### 4.3.7 Die kleuter se emosionele behoeftes

Potgieter (2001:2) verwys na Pringle se omskrywing van die vyf basiese emosionele behoeftes van die kind. Sy noem dat hierdie behoeftes van kinders universeel is. Die basiese behoeftes van kinders word aan die hand van 'n behoefteteorie weergegee, naamlik die behoefte aan liefde, die behoefte aan sekuriteit, die behoefte aan nuwe ondervindings, die behoefte aan erkenning en die behoefte aan verantwoordelikheid. Dit is belangrik dat ouers moet verstaan dat geeneen van hierdie behoeftes belangriker is as die res nie.

Ouers reken dikwels dat liefde in die ouer-kind-verhouding genoegsaam is. Liefde op sigself is egter nie genoeg nie. Gottman (1998:16) noem in hierdie verband dat daar 'n belangrike element is in die emosionele wêreld van die ouer en kind: "The secret lay in how parents interacted with their children when emotions ran hot." Ouers neem 'n aktiewe rol in die opvoeding van hul kinders se emosionele ervaringe soos die verstaan en hantering van negatiewe emosies, om impuls-emosies te beheer en empatie vir self en ander te ontwikkel. Kinders moet deur hul ouers geleer word hoe om basiese belewenisse te hanteer. Hierdie vaardighede stel kinders in staat om morele en verantwoordelike kinders en volwassenes te wees. Ouers moet daarom geleer word om kinders te onderrig en te lei in hulle alledaagse emosionele belewenisse. Dit kom daarop neer dat emosionele intelligensie deur die ouer gekweek moet word (Gottman, 1998:24).

Ouers moet aan hulle kinders bevestig dat die kind homself sinvol kan ontdek binne die ouerskapstruktuur en emosionele kontrole van die ouers. Kinders wat ervaar dat hulle emosionele ervaringe deur die ouers erken word se emosionele ontwikkeling en emosionele behoeftes word versterk. Hierdie kinders is in staat om sinvolle verhoudinge te vorm met hulself en ander. Ouers is geleer hoe om op 'n praktiese wyse aan hul kinders se emosionele behoeftes te voldoen. Vir die doel van hierdie konsepprogram is daar gebruik gemaak van die vyf emosionele behoeftes soos omskryf word deur Pringle en soos aangehaal deur Potgieter (2001:2). Alhoewel die STEP-, PET- en POSPAR-programme slegs aan elemente van emosionele behoeftes aandag gee en nie spesifiek daarna verwys nie, is die riglyne wat in hierdie programme verskaf word rakende kwaliteit-tyd, kommunikasie wat die kind en ouer in 'n wen-wen-situasie plaas en gesinsidentiteit as aanvullend in hierdie program gebruik.

### 4.3.8 Verhouding bou met die kleuter – speel met jou kind

Tyd en energie is waarskynlik die twee elemente wat ouers die meeste verhoed om deur middel van spel 'n verhouding met die kind te bou. Ouers het nodig om ten spyte van hulle besige

programme tyd aan hul kinders af te staan. Om 'n verhouding met jou kind te bou, is 'n prioriteit. Om met jou kind te speel, is kwaliteit-tyd. Dit is 'n tyd wat plesier verskaf en konflikvry is. In hierdie tyd probeer jy nie jou kind oorreed om iets spesifieks te doen nie, maar laat jy hom toe om te doen wat hy geniet (Kitching, 2000:39).

Tyd saam met kinders neem verskillende vorme aan, waarvan speeltyd (op sy vlak) een van die belangrikste is (Trent, 2000:39). Kinders is eg in hulle spel. Spontane spel is 'n venster op die hart van die kind. Deur middel van spel manipuleer die kind sy omgewing sodat hy kontrole daaroor kan uitoefen. Ouers het nodig om in hierdie wêreld van die kind betrokke te raak ten einde 'n positiewe verhouding te bou en in stand te hou. In die kleuterfase is hierdie betrokkenheid van die ouer by die spel van die kind veral belangrik aangesien dit die fondasie lê vir die toekomstige verhouding tussen die ouer en kind (Smith, 1990:129).

In dié tema was die klem rondom ouers se betrokkenheid by spel tweërlei van aard. Eerstens om aan ouers die belang en waarde van spel deur te gee. Tweedens om praktiese en toepaslike inligting te verskaf oor hoe om deur middel van spel by die kind betrokke te raak ten spyte van 'n besige program en min energie.

#### 4.3.9 Kommunikasie en konflikhantering

Die doelstelling in hierdie tema was om ouers te leer om konflik met hulle kinders op die regte wyse te hanteer. Herholdt (1991:34) vra die vraag: "Waar begin dit alles?" Dit blyk dat kommunikasie verhinder kan word deur sekere blokkasies. Moll (1997:15) noem dat blokkasies in kommunikasie voortspruit uit die feit dat mense van mekaar verskil ten opsigte van temperamente, style, menings, behoeftes, voorkeure, perspektiewe, kulture en verwagtinge. Ten einde konflik op 'n positiewe manier te kan hanteer, is ouers geleer hoe om sinvol te kommunikeer ten spyte van enige sulke blokkasies wat teenwoordig kan wees. Alleen dan sal ouers daarin kan slaag om sinvol met hul kinders in alle ontwikkelingsfases te kan kommunikeer en so te verseker dat hulle 'n gesonde selfbeeld by hulle kinders vestig.

Dit is van belang dat ouers oor kennis sal beskik oor hoe om sinvol met die kleuter te kommunikeer en konflik te hanteer. Die inligting rondom kommunikasie en konflikhantering in die STEP, PET en POSPAR kan waardevol wees indien dit spesifiek van toepassing gemaak word op die ontwikkelingsfase van 'n kleuter. Potgieter (2001:17) lig die volgende ontwikkelingsaangeleenthede uit wat in ag geneem moet word:

- Die kleuter se vlak van taalontwikkeling. Ouers moet leer om op die vlak van die kleuter te kommunikeer. Dit behels byvoorbeeld dat ouers se woordeskat en lengte van sinne en opdragte ouderdomstoepaslik moet wees.
- Die kleuter se kognitiewe ontwikkelingsvlak. Die kleuter is egosentries en sien die wêreld vanuit sy eie perspektief. Die kleuter het dus nog nie begrip vir ander mense se sienings nie. As die ouer dit nie verstaan, kan kommunikasie en konflikhantering in 'n magstryd ontaard wat die ouer én die kind kan lamlê.
- Die kind se temperament. Die kind se temperament bepaal sy styl van kommunikasie en konflikhantering.

#### 4.3.10 Morele ontwikkeling en karakterontwikkeling

Morele karakter is die kwaliteit van 'n persoon se persoonlikheid en die morele beperking of bemoediging van sy geaardheid. Dit is die uiterlike weerkaatsing van die innerlike mens. Moraliteit reflekteer karakter en karakter reflekteer moraliteit. Morele opleiding en karakterontwikkeling is sinoniem (Ezzo, 1999:12). Die kwaliteit van die kind se karakter sal die beste toegelig word met die aan- of afwesigheid van drie kenmerke: respek, eerbewys en eerlikheid. Daar is ses natuurlike verhoudinge wat fundamenteel in elke gemeenskap is omdat hulle fundamenteel in alle menslike verhoudinge teenwoordig is: gesag, ouers, ouer persone, portuur en sibbe, eiendom, en natuur. Hierdie ses verhoudinge verskaf die basis vir alle vorme van karakteropvoeding (Ezzo, 1999:69). In dié tema is daar na hierdie ses verhoudinge gekyk en die ouer is begelei oor hul rol in die vestiging van hierdie verhoudinge in hul kleuter.

Morele ontwikkeling is progressief – alle deugde wat in die hart van 'n kind geplaas word, ontwikkel van die algemene na die spesifieke. Met goeie ouerbegeleiding in elke fase van ontwikkeling sal die kind moreel volwasse word. Praktiese hulp is gebied ten opsigte van die kind se geestelike groei in elke ontwikkelingsfase. Ouers moet byvoorbeeld weet wat 'n kleuter kan verstaan en begryp van die Christelike geloof. Dit stel ouers in staat om meer ouderdomsgerig en dus meer effektief met hul kinders te handel rakende hulle geloof.

#### 4.3.11 Dissipline

Dissipline is 'n opleidings- en leerproses wat morele ontwikkeling bevorder. Geen kind beskik van geboorte af oor selfbeheersing nie en sonder enige lewenservaring is selfdissipline ook nie moontlik nie. Ouers moet dus die rol van "leermeester" vervul terwyl die kind die een is wat geleer word. Straf kan 'n deel van hierdie proses uitmaak (Ezzo, 1999:103).

Campbell (2000:58) omskryf die doel van dissipline soos volg: "to train that child in mind and character to enable him to become a self-controlled and constructive member of society". In dissipline is die fokus op opleiding, lering en dissipelskap en nié op straf nie. Dit is 'n belangrike klem wat aan ouers oorgedra is. Dissipline maak van verskillende metodes gebruik, soos verskillende soorte kommunikasie, leiding deur voorbeeld, rolmodellering, verbale instruksies, voorafwaarskuwings en lering in situasies. Straf kan wel één so 'n metode wees. Dit is dus duidelik dat daar 'n positiewe sowel as 'n negatiewe manier van dissipline is. Ouers moet eerstens poog om dissipline op 'n positiewe manier deur te voer. Die ouer moet die kind se ouderdom en ontwikkeling in ag neem tydens dissipline en straf (Campbell, 2000:65).

Dit is in hierdie program belangrik geag om ouers in te lig dat hulle wel die voorreg het om in 'n gesagsverhouding teenoor die kleuter te staan, maar dat gesag tot voordeel van die kind uitgeoefen moet word – in liefde en in aanvaarding, met die doel om die kleuter op te bou en nie af te breek. Die balans wat God vir die gelowige in die Bybel stel, moet aan ouers oorgedra word en hulle moet gehelp word om dit korrek toe te pas. Die uitgangspunt wat gebruik is, is Efesiërs 6:1-4, "Kinders, wees as gelowiges aan julle ouers gehoorsaam, want dit is wat die wet van God vereis. Eer jou vader en moeder.... En vaders, moenie julle kinders so behandel dat hulle opstandig word nie, maar maak hulle groot met tug en vermaning soos die Here dit wil." (Bybel 1983) in kontras met die STEP, PET en POSPAR se afwysing of verwatering van die gesagsrol van die ouer teenoor die kind. Die generiese inligting in die genoemde programme is egter sinvol gebruik, byvoorbeeld die verskillende maniere van straf.

## 5. TERUGVOER UIT DIE LOODSONDERSOEK

Die loodsondersoek het behels dat 'n konsepprogram wat op die genoemde riglyne gebaseer is, oor 'n tydperk van 12 weke (12 sessies) aan drie afsonderlike groepe aangebied is. Die groepe het slegs uit moeders bestaan. Na elke sessie het die groepslede 'n selfopgestelde evalueringsvorm (kyk Bylae A) voltooi. Die evaluering het gefokus op die pas afgelope sessie. Aan die einde van die reeks byeenkomste, is daar nog 'n evalueringsvorm (kyk Bylae B) ter wille van 'n globale evaluering voltooi.

### 5.1 Algemene terugvoer

Die aanvanklike tydsduur per sessie was twee ure. Die groepslede het egter later gevra dat die sessies langer moet wees om meer tyd vir vrae toe te laat. Die sessies is toe verleng na twee

en 'n half uur. Die duur oor 12 weke word deur die groep as positief beleef. Hulle noem dat dit hulle geleentheid bied om mekaar te leer ken en meer gemaklik te raak met mekaar.

Die styl van aanbieding, naamlik 'n aanbieding met ruimte vir vrae en vertellinge vanuit die groep, word as positief beleef. Veral aangesien die doel van die groepe is om kennis te bekom, blyk die aanbiedingstyl wel effektief te wees. Hierdie groepe het slegs uit moeders bestaan. Die sessies was so geskryf dat daar na elke sessie huiswerk was wat die ouers tuis saam kon deurwerk ten einde die vaders ook te betrek. Dit is deur meeste groepslede as baie positief beleef. Almal het egter nie die huiswerk gedoen nie.

Die konsepprogram is vanuit 'n Christelike perspektief aangebied. Dit was baie positief vir al die groepslede. Baie betekenisvolle getuienisse is ontvang en is ook na die leraars van die gemeente toe deurgegee. Ouers het 'n definitiewe behoefte daaraan om van dag tot dag te ervaar hoedat hulle as ouers in afhanklikheid van God wandel, dat ouerskap 'n bepaalde opdrag van God insluit en ook dat Hy die krag en die waarheid bied aan die wat dit vra en daarna soek.

Die groepslede het telkens melding gemaak van die feit dat die besef dat "ek nie alleen is nie" 'n positiewe belewenis vir hulle was. Die groepslede het daarvan bewus geword dat alle ouers met dieselfde aspekte van ouerskap sukkel. Dit is dus nie die individu wat nie goed genoeg is nie, maar die eise van ouerskap in geheel wat so uitdagend is – vir almal.

## 5.2 Temas van die konsepprogram

Die sessie rakende die doel/funksie van ouerskap – 'n Bybelse perspektief, was vir die groepslede oorweldigend positief. Groepslede het gemeld dat hulle 'n totaal nuwe insig ontwikkel het en dat hulle oor nuwe energie beskik vir hul rol as ouer.

Die aanbieding rondom die struikelblokke in ouerskap, wat spesifiek fokus op die ouer se menswees, soos sy selfbeeld, gesin van herkoms, onverwerkte trauma en geestelike identiteit, is positief ontvang. Groepslede se reaksie was primêr dat hulle insig ontwikkel het in hulle eie gedrag sowel as dié van hulle eggenote. Daar was 'n paar groepslede (3 van 27) wat in die evaluering te kenne gegee het dat hulle nie in dié areas van hulle lewe probleme ervaar nie, en dat hulle dus nie veel baat gevind het by die sessie nie.

Die tema rondom "waar pas my huwelik in" was vir die ouers fenomenaal. Die reaksie hierop was oorweldigend. Daar is spesifiek gekyk na die funksie van die huwelik in die gesin en dat die huwelik die eerste prioriteit bly. Praktiese idees is gebied oor hoe om juis dit reg te kry. Die

gevaar van 'n kindgesentreerde ouerskapstyl is geïllustreer en het tot groot helderheid by groepslede bygedra.

Botsende ouerskapstyle word deur die meeste ouers as 'n probleem beskou. Dit word veral gesien as iets wat 'n negatiewe effek op die huwelik het en tot verwarring kan lei by die kind. Die sessie het gefokus op die mees algemene ouerskapstyle en dan met die spesifieke verwysing na 'n gebalanseerde ouerskapstyl. Groepslede het die sessie se kenniswaarde as positief beleef. Tydens die evaluering van dié sessie, het die groepslede gemeld dat 'n vorige lesing oor struikelblokke amper spontaan daartoe gelei het dat die kwessie van ouerskapstyle nie meer so 'n probleem blyk te wees nie. Hierdie is 'n betekenisvolle waarneming deur die groepslede en sou verder geëksploreer kon word. Dit kan moontlik sinvol wees om die sessie oor ouerskapstyle in te skakel by die sessie wat handel oor die gesin van herkoms.

Die inligting rondom die kleuter se ontwikkelingsfase, met spesifieke verwysing na sy emosionele en kognitiewe ontwikkeling, was vir die groepslede van groot waarde. Die groepslede het baie insig ontwikkel en is van mening dat hierdie kennis 'n definitiewe invloed gaan hê op hulle kontak en verhouding met die kleuter. Ouers het baie vrae gehad rondom die ontwikkelingstake in elke ouerdomsfase van die kleuter. Groepslede het gemeld dat hulle hierdie sessie eerder oor twee sessies sou wou doen, aangesien die inligting baie is en integrering dan bemoeilik word.

Die kind en sy temperament was ook vir die groepslede waardevol. Die inligting rakende die invloed van verskillende temperamente in die huis op die gesinsdinamika, was vir die ouers baie positief.

Die kleuter se emosionele behoeftes, was ook vir die ouers positief. Daar was gefokus op die vyf basiese emosionele behoeftes van kinders soos omskryf deur Pringle soos aangehaal deur Potgieter (2001:2). Praktiese byvoegings is telkens gedoen met die klem op die kleuter.

Die sessie "speel met jou kind" is positief beleef. Groepslede is ingelig oor die wêreld van die kind in spel, met inagneming van sy sosiale ontwikkeling. Praktiese idees oor tyd, die hoe en wat om te speel, is bespreek. Groepslede het telkens genoem dat hulle hierdie inligting graag vroeër in hulle lewe sou wou ontvang het.

Morele en karakterontwikkeling was vir die ouers baie interessant. Hulle het die praktiese voorbeelde baie sinvol beleef. Groepslede meld dat hierdie sessie goeie insig bewerkstellig het

by die ouers, nie net ten opsigte van hulle kleuters nie, maar ook ten opsigte van hulle as volwassenes.

Die sessie oor dissipline was vir die ouers baie positief. Die onderwerp is oor twee sessies aangebied. Dit het tot sinvolle besprekings aanleiding gegee. Al die fasette van dissipline wat hanteer is, is as positief en effektief beleef. Groepslede het die inligting rakende die ouer se gesagsrol, met 'n balans, as uiters effektief en positief beskryf.

Die ouers het aanbeveel dat twee temas by die program bygevoeg word:

- Die kind se seksuele ontwikkeling. Ouers wou spesifiek ook ingelig word oor hoeveel inligting rakende seksuele voorligting hulle aan hul kleuters moet oordra. Hulle wou ook praktiese advies ontvang oor hoe om hulle kinders te beskerm en hoe om hulle kinders weerbaar te maak teen moontlike seksuele misbruik – by die kleuterskool, deur ander maats of deur volwasse persone.
- 'n Ander aspek waaraan die ouers 'n behoefte gehad het, was die kwessie van konflikhantering tussen sibbe. Hierdie evaluering het na vore gekom direk na die sessie van kommunikasie en konflikhantering. Tydens die sessie is meer klem gelê op kommunikasie en maniere van konflikhantering tussen ouers en kleuters.

Indien bogenoemde voorstelle aanvaar word tesame met die voorstel dat die sessie oor die ontwikkelingsfases oor twee sessies aangebied behoort te word, sal die byeenkomste dus van 12 na 15 vermeerder. Die kombinering van 'ouerskapstyle' met 'struikelblokke' kan die aantal byeenkomste op 14 te staan laat kom.

Vanuit die evaluering is dit duidelik dat ouers inligting rakende ouerskap met spesifieke verwysing na 'n ontwikkelingsfase, in dié geval die kleuter, benodig. Ouers se kommentaar was deurlopend positief en bevestigend dat hulle hierdie inligting benodig. Die groepslede het na elke week se lesing gemeld dat hulle die inligting reeds tuis gaan toepas het. Die praktiese aspekte tesame met die inligting word as effektief beskryf deur die ouers.

Die terugvoer uit die globale evaluering was positief. Dieselfde aanbevelings as wat reeds genoem is, is weer genoem. Die ouers het die konsepprogram as baie waardevol, 'n noodsaaklikheid en lewensveranderend beskryf. Van die kommentaar was: "ek moes hierdie dinge al met my vorige kleuters geweet het", "die leraars moet van hierdie inligting by die doopkursus inwerk" en "ek voel so bemagtig en opgewonde in my ouerskap." 'n Bykomende positiewe uitvloei van die groepsbyeenkomste was dat die ouers besluit het om 'n ondersteuningsgroep te begin om ouerskapskwessies te bespreek en om as ouers saam te bid.

## 6. AANBEVELINGS

Daar word aanbeveel dat:

- Die seksuele ontwikkeling van die kind tesame met die toepaslike voorligting aan die kleuter in die konsepprogram ingewerk moet word.
- Konflikhantering tussen sibbe meer spesifiek in die program aangespreek moet word.
- Die moontlikheid ondersoek word dat ouerskapstyle eerder onder die tema van "struikelblokke in ouerskap" bespreek word.
- Getoets moet word of die byvoeging en kombinering van sessies effektief en implementeerbaar is.
- Daar gefokus word op 'n spesifieke ontwikkelingsvlak van die kind aangesien dit groot waarde inhou vir die ouer. Die ouers is meer gefokus en het 'n soeke na inligting om hulle te bemagtig in die spesifieke fase waarin die kind verkeer. Dit word gevolglik aanbeveel dat so 'n proaktiewe program vir alle ontwikkelingsfases saamgestel word.
- Die konsepprogram verder ontwikkel word tot 'n formele program en dat 'n formele evaluering gedoen word om die impak van die program op die effektiwiteit van ouerskap te bepaal.
- Maniere ondersoek word om vaders meer aktief by ouerbegeleidingsprogramme te betrek.
- Die program aan maatskaplike werkers gebied moet word om as 'n voorkomende diens gebruik te word.
- Die konsepprogram in ander kulture getoets word. Verdere navorsing word aanbeveel in dié verband.

## 7. BIBLIOGRAFIE

BOYD, C.F. (1994). *Different children, different needs: the art of adjustable parenting.* Sisters, Or. : Multnomah.

BYBEL. (1983). *Die Bybel: nuwe vertaling.* Kaapstad : Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

CAMPBELL, R. (2000). *Relational Parenting.* Chicago, Ill. : Moody Press.

CLOUD, H. & TOWNSEND, J. (1998). *Boundaries with kids: when to say yes, when to say no to help your children gain control of their lives.* Grand Rapids, Mich. : Zondervan.

DE VOS, A.S. (1998). *Research at grass roots. a primer for the caring professions.* $2^{nd}$ *ed.* Pretoria : Van Schaik.

DE WITT, M.W. & BOOYSEN, M.I. (1994). *Die klein kind in fokus: 'n sielkundig-opvoedkundige perspektief.* Pretoria : Acacia.

DINKMEYER, D. & MCKAY, G.D. (1976). *The parent's handbook. STEP : Systematic Training for Effective Parenting.* Circle Pines : American Guidance Service.

EZZO, G. (1999). *Growing kids God's way: biblical ethics for parenting.* Chatsworth, Calif. : Growing Families International.

FOURIE, D. (1998). *Ontgin jou brein.* Pretoria: Van Schaik.

GORDON, T. (1975). PET: *Parent Effectiveness Training.* New York, N.Y. : Plume Books.

GOTTMAN, J. (1998). *How to raise an emotionally intelligent child.* New York, N.Y. : Fireside.

HERHOLDT, M. (1991). *Praat met my: 'n werkboek vir gesinne en groepe.* Pretoria : Dibukeng.

KITCHING, A. (2000). *Die 4x4-avontuur van ouerskap.* Kaapstad : Lux Verbi.

LOUW, D.A., VAN EDE, D.M. & LOUW, A.E. (2003). *Menslike ontwikkeling.* Kaapstad : Kagiso.

MELLOR,K. & MELLOR, E. (1999). *Parent craft.* Australia : Finch publishing.

MOLL, A. (1997). *Ons teen die probleem.* Pretoria : Van Schaik.

NEL, L., MARAIS, A. & SIMPSON, N. (2000). POSPAR: *'n Postitiewe Ouerskap Program.* Matieland : BUVTON.

POTGIETER, R. (2001). *RP – model in algemene kinderassessering.* Pretoria. RP-Opleidings Instituut.

PRETORIUS, J.W.M. & LE ROUX, J. (1998). *Sosiopedagogiek 2000*. Pretoria : Van Schaik.

SHAPIRO, L.E. (2000). *An ounce of prevention*. New York, N.Y. : HarperCollins Publishers.

SMITH, R. (1990). *Speel met jou kind*. Kaapstad : Human & Rousseau.

STEVENS, J.H. (1984). *Child development knowledge and parenting skills*. *Family relations*, 1984(33):237-244, April.

TRENT, J. (2003). *Geestelike groei van kinders*. Vereeniging : Christelike Uitgewers.

# HOOFSTUK 5

# SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

Die samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings sal vervolgens per hoofstuk gedoen word.

## 1. HOOFSTUK 1 – ALGEMENE INLEIDING

### 1.1 Samevatting

Ouerskap kan beskou word as die belangrikste werk in die wêreld. Ouers het 'n invloed op hul kinders en op die vorming van die kind. Een van die take van ouerskap is om die kind tot volwassenheid te begelei. Hierdie taak kan slegs suksesvol volvoer word indien daar 'n positiewe en stewige verhouding tussen ouer en kind bestaan. 'n Positiewe en stewige verhouding kan daargestel word indien die ouer kennis en begrip van die kind, asook opregte liefde teenoor die kind kan ervaar.

Alle mense gaan van geboorte tot met die dood deur verskeie ontwikkelingsfases. In elke fase bemeester die kind sekere aspekte in sy bio-psigososiale menswees. Die baba se kognitiewe ontwikkeling stel hom byvoorbeeld in staat om sekere kognitiewe take te bemeester, in die oorgaan na die kleuterfase kan die kind verdere kognitiewe take bemeester en so vind daar deurlopende ontwikkeling en veranderde gedrag plaas. Dit is nodig vir ouers om hiervan kennis te dra en daarby te kan aanpas indien die ouer die kind optimaal wil laat ontwikkel en 'n verhouding wil bou. Kennis en insig van die kind binne sy ontwikkelingsfase verbeter ouers se kans op 'n positiewe ouer-kind-verhouding. Dit word as 'n proaktiewe benadering tot ouerskap beskou. Proaktiewe ouers antisipeer gedrag en soek na maniere om toepaslik in hulle kinders se behoeftes te voorsien. Ouers beskik dikwels nie oor hierdie kennis nie. Hierdie inligting is meestal in 'n generiese vorm beskikbaar, maar dit is nie altyd gefokus op 'n spesifieke ontwikkelingsfase van die kind nie.

In hierdie studie kom die volgende vrae na vore:

- Wat is die leerbehoeftes van ouers met kleuters?
- Watter riglyne kan aan die maatskaplike werker gebied word ten opsigte van 'n proaktiewe begeleidingsprogram vir ouers met kleuters?

Die motivering van hierdie studie spruit uit die intense belangstelling en navrae van ouers met kleuters vanuit die privaatpraktyk van die navorser. Ouers se behoefte na begeleiding is groot tydens die kleuterfase aangesien die ouers se loopbaan as opvoeders dan eers aktief begin – na die passiewe baba-stadium.

Dit was duidelik dat ouers met kleuters 'n groot behoefte het aan kennis ten opsigte van hulle rol in ouerskap en die hoe en die wat van dit wat hulle as ouers moet doen en wat hulle kleuters nodig het. Dit is so dat daar heelwat populêre literatuur en ook verskeie ouerbegeleidingsprogramme beskikbaar was; tog is hierdie inligting nie vir al die ouers aanvaarbaar, toeganklik of genoegsaam nie.

Dit is daarom nodig om riglyne vas te stel waaruit 'n ouerbegeleidingsprogram vir ouers met kleuters saamgestel kan word. As hierdie riglyne saamgestel word, kan 'n konsepouerbegeleidingsprogram ontwikkel word wat tydens die navorsingsproses verder verfyn kan word ten einde 'n finale produk daar te stel.

Die doelstelling van hierdie studie is om riglyne daar te stel vir die ontwerp van 'n proaktiewe begeleidingsprogram vir ouers met kleuters. Om hierdie doelstelling te bereik, is sekere doelwitte gestel, naamlik:

- Om die kennis- en leerbehoeftes van ouers met kleuters vas te stel.
- Om riglyne vir 'n proaktiewe begeleidingsprogram vir ouers met kleuters daar te stel.

Die sentrale teoretiese stelling van hierdie studie is dat insae in die kennis- en leerbehoeftes van ouers ten opsigte van hul ouerskap van kleuters die navorser in staat stel om 'n proaktiewe begeleidingsprogram saam te stel ten einde die ouers op 'n doeltreffende wyse te ondersteun en te begelei in die daarstel van 'n positiewe ouer-kind-verhouding.

Vir die doel van die studie is intervensie navorsing onderneem, en wel die eerste vier fases, naamlik:

Fase 1: Probleemanalise en projekbeplanning
Fase 2: Versameling van inligting en sintese
Fase 3: Ontwerp
Fase 4: Vroeë ontwikkeling en loodsondersoek

Die deelnemers aan hierdie studie kan in vier groepe verdeel word, naamlik informele deelnemers, professionele persone, fokusgroepdeelnemers en 'n loodsondersoekgroep.
Tydens hierdie navorsing is gebruik gemaak van kwalitatiewe navorsing met die stel van 'n kernvraag en 'n selfsaamgestelde vraelys in die vierde fase van die intervensienavorsing.

### 1.2 Gevolgtrekkings

Die volgende gevolgtrekkings kan uit hoofstuk een gemaak word.

- Die ouer se vermoë om die ontwikkelingsfase van die kind te ken en verstaan kan 'n belangrike rol speel in die vestiging en instandhouding van 'n positiewe ouer-kind-verhouding.
- Hoewel daar baie populêre inligting in die media beskikbaar is sowel as verskeie ouerbegeleidingsprogramme, bied dit nie altyd inligting rondom ouerskap binne 'n bepaalde ontwikkelingsfase (byvoorbeeld dié van die kleuter) nie.
- Daar bestaan 'n behoefte na 'n proaktiewe benadering in ouerskap, waar ouers vooraf oor kennis en vaardighede beskik ten opsigte van die ontwikkelingsfase waarin die kind hom bevind, ten einde die kind in hierdie fase optimaal te ondersteun en op te voed, in plaas daarvan om bloot te reageer op dit wat die kind presenteer in die betrokke fase.

### 1.3 Aanbevelings

Die volgende aanbevelings kan gemaak word:

- Navorsing moet gedoen word oor die kennis- en leerbehoeftes van ouers met kleuters.
- Vanuit die navorsing oor die kennis- en leerbehoeftes van ouers met kleuters moet riglyne vasgestel word wat deel moet vorm van 'n proaktiewe ouerbegeleidingsprogram.
- Die maatskaplike werker moet bewus wees van die kennis- en leerbehoeftes van ouers met kleuters ten einde 'n effektiewe diens te kan lewer. Indien hierdie behoeftes proaktief bevredig kan word, kan latere probleme in die ouer-kind-verhouding geminimaliseer word.

## 2. HOOFSTUK 2 – NAVORSINGSONTWERP EN -METODE

### 2.1 Samevatting

Vir die doeleindes van hierdie studie is gebruik gemaak van intervensienavorsing. Intervensienavorsing is toegepaste navorsing en dus gefokus/gerig op verkryging van moontlike oplossings vir praktiese probleme, maar met 'n spesifieke intervensiedoel. In hierdie studie is gebruik gemaak van die eerste vier fases van intervensienavorsing.

In die eerste fase is gefokus op probleemanalise en projekbeplanning. Tydens hierdie fase is die deelnemers geïdentifiseer, toestemming is vir verkry vir deelname aan die ondersoek met die oog op insameling van inligting ten einde 'n riglyn vir 'n ouerbegeleidingsprogram vir ouers met kleuters saam te stel. Daar is drie fokusgroepe saamgestel om vas te stel wat ouers as kennis- en leerbehoeftes identifiseer ten opsigte van hul ouerskapsvaardighede, met spesifieke fokus op die kleuter. Die inligting wat ingesamel is, is volgens Tesch se agt-stap-benadering ontleed.

Tydens die tweede fase van die intervensienavorsing is gefokus op die insameling van inligting. Die doel daarvan is om duplisering uit te skakel en te bepaal wat reeds in die verband deur ander navorsers gedoen is. In hierdie fase is dus aandag gegee aan bestaande literatuur. Daar is ook gekyk na drie bestaande ouerbegeleidingsprogramme, naamlik PET, POSPAR en STEP. Dit is gedoen om te kyk na oorvleueling van inligting, bruikbare inligting en nuwe inligting soos deur die fokusgroepe geïdentifiseer. Tydens hierdie fase is daar ook onderhoude gevoer met ander professionele persone wat belang by die studie sou hê.

Die derde fase in intervensienavorsing is die ontwerpfase. In hierdie fase is aandag gegee aan die ontwerp van riglyne vir 'n ouerbegeleidingsprogram. Nadat die inligting – soos verkry deur die fokusgroepe – ontleed is, is riglyne saamgestel. Hierdie riglyne is aan die oorspronklike fokusgroepe voorgehou vir terugvoer en is verder verfyn. In hierdie studie is die spesifieke uitgangspunte van die program, asook die temas wat dit moet insluit, vasgestel.

Die vierde fase van intervensienavorsing is die vroeë ontwikkeling en loodsondersoek. Dit behels die ontwikkeling van 'n prototipe (of voorlopige) intervensie deur die uitvoering van 'n loodsondersoek. Nadat die fokusgroepe die programriglyne goedgekeur het, is die ontwikkeling van die prototipe voortgesit. 'n Literatuurkontrole is onderneem en programinhoud is tot die programriglyne toegevoeg. Hierdie konsepprogram is vervolgens aan drie nuwe groepe aangebied. Die doel daarvan was om vas te stel of die aanvanklik geïdentifiseerde riglyne voldoende voorsien in die kennis- en leerbehoeftes van ouers met kleuters. Evaluering is gedoen aan die hand van 'n deurlopende, eenvoudige vraelys. Tweedens is daar aan die einde van die deurloop van die konsepprogram, 'n evalueringsvorm ingevul. Deur middel van die proses kon bepaal word of die konsepprogram verdere herontwerp benodig of geskik is vir verdere ontwikkeling en toetsing.

## 2.2 Gevolgtrekkings

Die volgende gevolgtrekkings kan uit hoofstuk twee gemaak word:

- Intervensienavorsing is 'n bruikbare en waardevolle navorsingsmetode in die soeke na oplossings vir praktiese probleme, met 'n spesifieke intervensiedoel.
- In die gebruikmaking van die eerste vier fases van intervensienavorsing is die aanvanklike doelstelling van die navorsing, soos uiteengesit in hoofstuk 1, suksesvol bereik.

### 2.3 Aanbevelings

Die volgende aanbevelings kan gemaak word:

- Identifisering van ouers se kennis- en leerbehoeftes aangaande ander ontwikkelingsfases (byvoorbeeld die middelkinderjare en die tienerjare) kan aan die hand van dieselfde navorsingsmetode gedoen word.
- Die laaste twee fases van intervensienavorsing behoort voltooi te word ten einde 'n finale program daar te stel wat tot voordeel van ouers met kleuters gebruik kan word.

## 3. HOOFSTUK 3 KENNIS- EN LEERBEHOEFTES VAN OUERS MET KLEUTERS

### 3.1 Samevatting

Aangesien niemand volmaak is nie, is dit te verstane dat ouerskap geen maklike taak is nie. Juis om dié rede soek ouers na inligting rakende hul kinders se behoeftes sowel as inligting om hul kinders beter te verstaan. Ouers is meermale onkundig of verward oor hul kinders se gedrag en spreek die behoefte uit na kennis vanuit 'n perspektief wat met hulle werklikheidsvisie versoenbaar is.

Soos genoem, is die doelstelling van hierdie studie om vas te stel watter kennis- en leerbehoeftes ouers met kleuters het, ten einde 'n riglyn vir 'n ouerbegeleidingsprogram daar te stel. Ten einde die doel te bereik, is daar van intervensienavorsing gebruik gemaak. In hierdie hoofstuk is daar primêr verslag gedoen oor die resultate van stap een (probleemanalise en projekbeplanning) en stap twee (die insameling van inligting en sintese) van die navorsingsproses.

Die resultaat van stap een en twee van intervensienavorsing was dat bepaalde kennis- en leerbehoeftes geïdentifiseer kon word. 'n Sterk behoefte wat geopper is, is die behoefte aan ouerbegeleiding vanuit 'n Christelike perspektief en dat die program spesifiek op die kleuterfase fokus. 'n Verdere behoefte wat genoem is, was dat 'n program nie net uit teorie moet bestaan

nie, maar ook praktiese wenke moet bevat. Onderwerpe wat vanuit die fokusgroepe na vore gekom het, was:

- dissipline, gefokus op die kleuterfase,
- verwysing van die ontwikkelingsfases van die kleuter, spesifiek die kognitiewe en emosionele ontwikkeling van die kleuter,
- morele ontwikkeling en karakterontwikkeling, gefokus op die kleuterfase,
- emosionele behoeftes van die kleuter,
- ouers se betrokkenheid by kinderspel,
- die uniekheid van die kind met verwysing na die temperamente van die kleuter,
- konflikhantering en kommunikasie, gefokus op die kleuterfase,
- ouerskapstyle,
- die huwelik tesame met die eise van ouerskap, en
- aspekte wat die individu se ouerskap negatief kan beïnvloed.

### 3.2 Gevolgtrekking

Die volgende gevolgtrekkings kan uit hoofstuk drie gemaak word:

- Vanuit die probleemanalise en projekbeplanning in die eerste fase van intervensienavorsing, het dit duidelik na vore gekom dat ouers met kleuters definitiewe kennis- en leerbehoeftes het.
- Die behoeftes van ouers wat na vore gekom het in gesprekke met ouers in die privaatpraktyk en met ander professionele persone, word in die fokusgroepe bevestig.
- Ouers het 'n definitiewe behoefte na 'n ouerbegeleidingsprogram wat fokus op 'n spesifieke ontwikkelingsfase (byvoorbeeld die kleuterfase).
- Van die onderwerpe wat as riglyne geïdentifiseer is deur die fokusgroepe, is algemene onderwerpe soos ouerskapstyle, kommunikasie en dissipline. Die verskil is egter dat die literatuur wat daartoe gevoeg word, gefokus moet wees op die spesifieke ontwikkelingsfase van die kind.
- Ouers het 'n behoefte daaraan dat die program vanuit 'n Christelike perspektief toegelig sal wees.
- Ouers het 'n behoefte aan leiding in aspekte wat vir hulle 'n werklikheid is en ook 'n invloed op hul ouerskap het – soos hul huwelik, hul gesin van herkoms en persoonlike onverwerkte trauma.
- Ouers wil dat 'n program praktiese wenke moet bevat wat maklik in hulle omstandighede toegepas kan word.

### 3.3 Aanbevelings

Die volgende aanbevelings kan gemaak word:

- 'n Proaktiewe ouerbegeleidingsprogram wat spesifiek fokus op ouers met kleuters, moet ontwikkel word.
- Die konsepouerbegeleidingsprogram (prototipe) moet vanuit 'n Christelike perspektief saamgestel word.
- Die konsepouerbegeleidingsprogram (prototipe) moet teoretiese inligting sowel as praktiese elemente aan die ouers met kleuters oordra ten einde optimaal te voorsien in hul spesifieke kennis- en leerbehoeftes.
- Die onderwerpe, soos geïdentifiseer deur die fokusgroepe, moet as temas gebruik word in die saamstel van 'n proaktiewe ouerbegeleidingsprogram.
- Vanuit hierdie riglyne moet literatuur toegevoeg word en 'n konsepouerbegeleidingsprogram (prototipe) moet ontwerp word.
- Hierdie konsepouerbegeleidingsprogram (prototipe) moet in 'n loodsondersoek geëvalueer word met die oog op verdere verfyning en om die implementeerbaarheid en effektiwiteit daarvan voorlopig te toets.

## 4. HOOFSTUK 4 – PROAKTIEWE BEGELEIDING VIR OUERS MET KLEUTERS: PROGRAMRIGLYNE

### 4.1 Samevatting

In hierdie hoofstuk is daar aandag gegee aan die ontwerp van 'n konsepouerbegeleidings - program wat op grond van die geïdentifiseerde behoeftes van ouers ontwerp is. Hierdie konsepouerbegeleidingsprogram is aan drie afsonderlike groepe aangebied met die oog daarop om die riglyne te evalueer sodat verdere verfyning kan plaasvind.

In die voorafgaande hoofstuk is gefokus op die probleemanalise en projekbeplanning asook die insameling van inligting en sintese. In hierdie hoofstuk het die fokus geval op die ontwerp en die vroeë ontwikkeling en loodsondersoek.

Gedurende die ontwerpfase en die vroeë ontwikkeling en loodsondersoek is die riglyne vir 'n konsepouerbegeleidingsprogram saamgestel. Die riglyne het die spesifieke uitgangspunte van die program sowel as die verlangde temas beskryf. Die riglyne is verder verfyn nadat dit aan die aanvanklike fokusgroepe voorgehou is. Daarna is 'n literatuurkontrole onderneem en programinhoud tot die riglyne toegevoeg.

Die konsepouerbegeleidingsprogram is daarna getoets deur dit aan drie afsonderlike groepe aan te bied. Die doel daarvan is om vas te stel of die aanvanklik geïdentifiseerde riglyne voldoende voorsien in die kennis- en leerbehoeftes van ouers met kleuters. Daar is ook gekyk na die implementeerbaarheid en effektiwiteit van die programriglyne. Na elke groepsessie is 'n eenvoudige evalueringsvorm deur elke groepslid voltooi. Hierdie deurlopende evaluering is gebruik om veranderinge aan te bring soos nodig. 'n Volledige evaluering is na die afloop van al die sessie deur elke groepslid ingevul. Die doel daarvan was om te bepaal of die program herontwerp benodig of geskik is vir verdere ontwikkeling en toetsing.

Daar is in hierdie hoofstuk gefokus op die doel van die konsepprogram. Aansienlike ontwikkeling vind tydens die kleuterfase plaas. Talle nuwe vaardighede word bemeester en hierdie fase word allerweë beskou as die belangrikste vormingsjare. Ouers het nodig om bemagtig te word oor hoe om juis in hierdie fase 'n sterk, positiewe ouer-kind-verhouding daar te stel. Ouers het liefde sowel as kennis van hul kleuter se ontwikkeling en behoeftes nodig ten einde wel effektief in hul ouerskap te wees.

Die uitgangspunte van die konsepprogram is uiteengesit in die hoofstuk. Belangrike punte is onder andere dat die program vanuit 'n Christelike perspektief geskryf moet word. Ook is hierdie program se fokus nie terapeuties van aard nie – eerder opvoedkundig en dit sal in 'n lesingstyl aangebied word. Die program moet praktiese elemente bevat.

Die terugvoer van die loodsondersoek was oorweldigend positief. Twee addisionele onderwerpe is deur die ouers versoek vir insluiting in die program, naamlik die seksuele ontwikkeling van die kleuter en sibbe-konflik. Die sessie oor die kleuter se ontwikkelingstake bevat baie inligting en die groepe het aanbeveel dat hierdie tema oor twee sessies aangebied moet word.

### 4.2 Gevolgtrekking

Die volgende gevolgtrekkings kan uit hoofstuk vier gemaak word:

- 'n Konsepouerbegeleidingsprogram is tydens die ontwerp- en vroeë ontwikkeling en loodsondersoek-fases van intervensienavorsing saamgestel.
- Hierdie konsepouerbegeleidingsprogram is deur drie groepe deurloop en is oorwegend as uiters positief geëvalueer.
- Die groepe het addisionele behoeftes geïdentifiseer.
- Dit blyk dat die saamstel van 'n konsepouerbegeleidingsprogram vir ouers met kleuters die kennis- en leerbehoeftes van hierdie kategorie ouers aanspreek.

### 4.3 Aanbeveling

Die volgende aanbevelings kan gemaak word:

- Inligting oor die seksuele ontwikkeling van die kleuter en sibbe-konflik moet tot die program bygevoeg word.
- Die sessie oor die kleuter se ontwikkelingstake moet liefs oor twee sessies aangebied word weens die groot hoeveelheid inligting wat oorgedra word.
- Die verdere ontwikkeling, verfyning en toetsing van die program moet plaasvind.
- Die sessie oor ouerskapstyle moet by die bespreking van die gesin van herkoms ingevoeg word.

## 5. ALGEMENE GEVOLGTREKKING EN AANBEVELING

### 5.1 Gevolgtrekking

#### 5.1.1 Doelwitte

Hierdie studie se gestelde doelwitte is bereik, deurdat:

- Daarin geslaag is om kennis- en leerbehoeftes van ouers met kleuters vas te stel. (Hoofstuk 3)
- Daarin geslaag is om riglyne vir 'n proaktiewe begeleidingsprogram vir ouers met kleuters daar te stel. (Hoofstuk 4)

#### 5.1.2 Sentrale teoretiese stelling

Die sentrale teoretiese stelling is bevestig deurdat die navorser in staat was om, met die insae wat verkry is in die kennis- en leerbehoeftes van ouers met kleuters, riglyne vir 'n proaktiewe begeleidingsprogram saam te stel.

#### 5.1.3 Algemene doelstelling

Die algemene doelstelling van hierdie studie is bereik. Die navorser het daarin geslaag om riglyne te identifiseer wat in 'n proaktiewe ouerbegeleidingsprogram vervat kan word ten einde ouers (met spesifieke verwysing na ouers met kleuters) se kennis- en leerbehoeftes effektief te kan aanspreek.

## 5.2 Samevattende aanbevelings

Die volgende aanbevelings word gemaak:

- Hierdie konsepouerbegeleidingsprogram moet verder verfyn en ontwikkel word deur verdere studies.
- Die waarde van 'n ouerbegeleidingsprogram wat op 'n spesifieke ontwikkelingsfase fokus, moet nagevors word in ander ontwikkelingsfases (soos die tienerfase).
- Verdere navorsing moet gedoen word ten einde wetenskaplik te bepaal wat die impak en waarde van hierdie proaktiewe begeleidingsprogram is.
- Verdere navorsing kan onderneem word oor die toepassingsmoontlikhede van hierdie program met teikengroepe in ander kulture en ander sosio-ekonomiese omstandighede.

# BIBLIOGRAFIE


BERK, L.E. 1997. Child development. 4th ed. Boston, Mass. : Allyn and Bacon.

BOYD, C.F. 1994. Different children, different needs: the art of adjustable parenting. Sisters, Or. : Multnomah.

BREAKWELL, G.M., HAMMOND, S. & FIFE-SCHAW, C. 1995. Research Methods in Psychology. London : Sage.

BROTHERSON, M.J. 1994. Interactive focus group interviewing: a qualitative research method in early intervention. *Topics in early childhood special education*, 14(1):101-118.

BYBEL. 1983. Die Bybel: nuwe vertaling. Kaapstad : Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

CAMPBELL, R. 2000. Relational parenting. Chicago, Ill. : Moody Press.

CHAPMAN, G.D. & CAMPBELL, R. 1997. The five love languages of children. Chicago, Ill. : Moody Press.

CLOUD, H. & TOWNSEND, J. 1998. Boundaries with kids: when to say yes, when to say no to help your children gain control of their lives. Grand Rapids, Mich. : Zondervan.

COVEY, S.R. 1997. The seven habits of highly effective families. London : Simon & Schuster.

DE VOS, A.S. 1994. Die ontwikkeling en evaluering van 'n inheemse ouerbegeleidingsprogram. Pretoria : RGN-uitgewers.

DE VOS, A.S. 1998. Research at grass roots: a primer for the caring professions. Pretoria : Van Schaik.

DE VOS, A.S. 2002. Intervention research. (In De Vos, A.S., ed. 2002. Research at grass roots: for the social sciences and human services professions. 2nd ed. Pretoria : Van Schaik.

DE VOS, A.S., STRYDOM, H., FOUCHE, C.B., & DELPORT, C.S.L. 2002. Research at grass roots: for the social sciences and human services professions. 2nd ed. Pretoria : Van Schaik.

DE WITT, M.W. & BOOYSEN, M.I. 1994. Die klein kind in fokus: 'n sielkundig-opvoedkundige perspektief. Pretoria : Acacia.

DINKMEYER, D.C. & MCKAY, G.D. 1976. The parent's handbook. STEP: Systematic Training for Effective Parenting. Circle Pines, Minn. : American Guidance Service.

DOBSON, J. 2002. Bringing up boys. Vereeniging : Christian Art Publishers.

EZZO, G. 1999. Growing kids God's way: Biblical ethics for parenting Chatsworth, Calif. : Growing Families International.

FARREN, M.A. 1991. The effects of a systematic training for effective parenting programme (STEP) on parental attitudes and responses. Pretoria : UNISA. MA (SS) in Mental Health.

FOUCHÉ, C.B. 2002. Problem formulation. (In De Vos, A.S., ed. 2002. Research at grass roots: for the social sciences and human services professions. 2nd ed. Pretoria : Van Schaik.)

FOURIE, D. 1998. Ontgin jou brein. Pretoria : Van Schaik.

GORDON, T. 1975. PET: Parent Effectiveness Training. New York, N.Y. : Plume Books.

GOTTMAN, J. 1998. How to raise an emotionally intelligent child. New York, N.Y. : Fireside.

GRINNELL, R.M. 1988. Social work research and evaluation. 3rd ed. Itasca, Ill. : Peacock.

HERHOLDT, M. 1991. Praat met my: 'n werkboek vir gesinne en groepe. Pretoria : Dibukeng.

KITCHING, A. 2000. Die 4x4-avontuur van ouerskap. Kaapstad : Lux Verbi.

KRUEGER, R.A. 1994. Focus groups: a practical guide for applied research. 2nd ed. Thousand Oaks, Calif.: Sage Publications.

LABUSCHAGNE, F.J. & EKSTEEN, L.C. 1993. Verklarende Afrikaanse Woordeboek. Pretoria : Van Schaik.

LAHAYE, B. 1997. Understanding your child's temperament. Eugene, Oregon : Harvest House.

LINCOLN, Y.S. & GUBA, E.G. 1985. Naturalistic inquiry. Beverly Hills, Calif. : Sage Publications.

LOUW, D.A., VAN EDE, D.M. & LOUW, A.E. 2003. Menslike ontwikkeling. Kaapstad : Kagiso.

LOUW, D.J. 1989. Gesinsverryking. Pretoria : Academica.

MELLOR, K. & MELLOR, E. 1999. Parent craft. Sydney, Australia : Finch.

MOLL, A. 1997. Ons teen die probleem. Pretoria : Van Schaik.

NEL, L., MARAIS, A. & SIMPSON, N. 2000. POSPAR: 'n Postitiewe Ouerskap Program. Matieland : BUVTON.

NEUMAN, M.G. 1998. Helping your kids cope with divorce the sandcastles way. New York : Times Books.

PLUG, C., LOUW, D.A.P., GOUWS, L.A. & MEYER, W.F. 1997. Die Verklarende en Vertalende Sielkundewoordeboek. Johannesburg : Heunemann.

POGGENPOEL, M. 1998. Data analysis in qualitative research. (In De Vos, A.S., ed. Research at grass roots: a primer for the caring professions. Pretoria : Van Schaik.)

POTGIETER, R. 2001. RP – model in algemene kinderassessering. Pretoria. RP-Opleidings Instituut.

PRETORIUS, J.W.M. & LE ROUX, J. 1998. Sosiopedagogiek 2000. Pretoria : Van Schaik.

RICHARDSON, W.J. 2000. Loving obedience. Chicago, Ill. : Northfield.

ROTHMAN, J. & THOMAS, E.J. 1994. Intervention research: design and development for human service. New York, N.Y. : Haworth.

SELL, C.M. 1995. Family ministry. Grand Rapids, Mich. : Zondervan.

SHAPIRO, L.E. 2000. An ounce of prevention. New York, N.Y. : HarperCollins Publishers.

SINGELTON, R., STRAITS, B.C., STRAITS, M.M. & MCALLISTER, R.J. 1988. Approaches to social research. New York, N.Y. : Oxford University Press.

SMITH, R. 1990. Speel met jou kind. Kaapstad : Human & Rousseau.

STEVENS, J.H. 1984. Child development knowledge and parenting skills. *Family relations*, 1984(33):237-244, April.

STRYDOM, H. 2002. Ethical aspects of research in the social sciences and human service professions. (In De Vos, A.S., ed. 2002. Research at grass roots: for the social sciences and human services professions. 2nd ed. Pretoria : Van Schaik.)

TRENT, J. 2003. Geestelike groei van kinders. Vereeniging : Christelike Uitgewers.

VAKTAALKOMITEE VIR MAATSKAPLIKE WERK. 1995. Nuwe woordeboek vir maatskaplike werk. Parow : CPT Book Printers.

VAN RENSBURG, P.J. 1992. 'n Evaluering van 'Die doeltreffende ouerleidingsprogram' van T. Gordon vir die middelkinderjare. Potchefstroom : PU vir CHO. (Verhandeling – M.A.)

# BYLAE A

**EVALUERINGSVORM (Weekliks)**

Datum: ........................ Sessie: ....................

**Evalueer asseblief die volgende op 'n skaal van 0 – 5.**

**1. Was die tema van hierdie sessie van waarde?**

..............................................................................................................

| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
|---|---|---|---|---|
| Effens van waarde | Redelik van waarde | Taamlik van waarde | Baie van waarde | Uiters van waarde |

**Enige voorstelle:** ...............................................................................................

..............................................................................................................

..............................................................................................................

**2. Was die inligting wat tydens die sessie bekom is, voldoende?**

..............................................................................................................

| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
|---|---|---|---|---|
| Nie voldoende nie | Redelik voldoende | Taamlik voldoende | Baie voldoende | Heeltemal voldoende |

**Enige voorstelle:** ...............................................................................................

..............................................................................................................

..............................................................................................................

**3. Evalueer u tevredenheid met vandag se groepsbyeenkoms:**

..............................................................................................................

| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
|---|---|---|---|---|
| Baie ontevrede | Ontevrede | Neutraal | Tevrede | Baie tevrede |

4. Bykomende kommentaar / aanbevelings: ..............................................................

..............................................................................................................

..............................................................................................................

## BYLAE B

**VRAELYS VIR EVALUERING VAN RIGLYNE SOOS WEERGEGEE IN DIE OUERBEGELEIDINGSPROGRAM**

---

**ANTWOORD DIE TOEPASLIKE VRAE MET DIE MERK VAN JA/NEE/ONSEKER. MOTIVEER ASSEBLIEF ELKE STELLING.**

1. **Die program strek oor 12 weke. Is die hoeveelheid sessies aanvaarbaar?**

| JA | NEE | ONSEKER |
|---|---|---|

**Motiveer:** ______________________________

2. **Is die tydsduur, twee en 'n halfure per sessie, voldoende?**

| JA | NEE | ONSEKER |
|---|---|---|

**Motiveer:** ______________________________

3. **Was die programmateriaal (uitdeelstuk) wat verskaf is, effektief?**

| JA | NEE | ONSEKER |
|---|---|---|

**Motiveer:** ______________________________

4. **Was die formaat van die byeenkomste effektief?**

| JA | NEE | ONSEKER |
|---|---|---|

**Motiveer:** ______________________________

**5. Was die aanbieding van die program effektief?**

| JA | NEE | ONSEKER |
|---|---|---|
| | | |

**Motiveer:** ____________________

**6. Het die program 'n positiewe impak op jou ouerskap gemaak?**

| JA | NEE | ONSEKER |
|---|---|---|
| | | |

**Motiveer:** ____________________

**7. Het hierdie program 'n invloed op jou huweliksverhouding gehad?**

| JA | NEE | ONSEKER |
|---|---|---|
| | | |

**Motiveer:** ____________________

**8. Noem enige ander lewensterreine waarop hierdie program na jou mening 'n invloed gehad het.**

____________________

____________________

____________________

____________________

**9. Het hierdie program enige nuwe inligting rakende ouerskap aan jou verskaf?**

| JA | NEE | ONSEKER |
|---|---|---|
| | | |

**Motiveer:** ____________________

**10.** **Slaag hierdie program in sy funksie as 'n ouerbegeleidingsprogram vir ouers met kleuters?**

| JA | NEE | ONSEKER |
|---|---|---|

**Motiveer:** ______________________________

**Evalueer asseblief die temas van die program.**
**Het die volgende temas aan u leerbehoeftes as ouers van kleuters voorsien?**
**Merk ja/nee/onseker:**

**11.** **Die funksie/doel van ouerskap – 'n Bybelse perspektief**

| JA | NEE | ONSEKER |
|---|---|---|

**Motiveer:** ______________________________

**12.** **Struikelblokke in ouerskap – 'n realiteit**

| JA | NEE | ONSEKER |
|---|---|---|

**Motiveer:** ______________________________

**13.** **Huwelik vs. ouerskap? Waar pas die huwelik in?**

| JA | NEE | ONSEKER |
|---|---|---|

**Motiveer:** ______________________________

**14. Ouerskapstyle**

| JA | NEE | ONSEKER |
|---|---|---|
| | | |

**Motiveer:** ________________________________

**15. Die kleuter se ontwikkelingstake in sy emosionele, kognitiewe en sosiale ontwikkeling**

| JA | NEE | ONSEKER |
|---|---|---|
| | | |

**Motiveer:** ________________________________

**16. Elke kind se unieke menswees – temperamente**

| JA | NEE | ONSEKER |
|---|---|---|
| | | |

**Motiveer:** ________________________________

**17. Die kleuter se emosionele behoeftes**

| JA | NEE | ONSEKER |
|---|---|---|
| | | |

**Motiveer:** ________________________________

**18. Verhouding bou met die kleuter – speel met jou kind**

| JA | NEE | ONSEKER |
|---|---|---|
| | | |

**Motiveer:** ________________________________

19. **Kommunikasie en konflikhantering**

| JA | NEE | ONSEKER |
|---|---|---|
| | | |

**Motiveer:** ______________________________

20. **Morele ontwikkeling en karakterontwikkeling**

| JA | NEE | ONSEKER |
|---|---|---|
| | | |

**Motiveer:** ______________________________

21. **Dissipline**

| JA | NEE | ONSEKER |
|---|---|---|
| | | |

**Motiveer:** ______________________________

22. **Watter onderwerp(e) het vir u die meeste beteken?**

______________________________

______________________________

23. **Watter onderwerp(e) het vir u die minste beteken?**

______________________________

______________________________

24. **Enige voorstelle of aanbevelings?**

______________________________

______________________________